

Aanlynjoernale in Afrikaans onderrig: Leerders se hantering van frustrasie

Deur

Maryke Anneke Mihai

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

Magister Educationis
in
Rekenaar-integreerde Onderwys

in die departement Kurrikulumstudies
van die
Fakulteit Opvoedkunde

Universiteit van Pretoria

Promotor: Prof. Dr. J.G. Knoetze
Mede-promotor: Dr. L. Ebersöhn

Maart 2007

Erkennings

Die onderneem en afhandeling van hierdie studie sou nie moontlik gewees het sonder die hulp van ander; wat ek graag wil bedank nie:

- Cornwall Hill College, vir finansiële ondersteuning en die geleentheid om hierdie studie aan te pak
- die Afrikaans Departement van Cornwall Hill College, veral Karin Botha, wat soms vir my moes instaan en vure doodslaan
- die leerders wat in my steekproef gebruik is
- Christa Oelofse, wat 'n nuwe vriendin geword het
- Heather Pelger, 'n jarelange vriendin, wat my deur middel van epos uit Engeland bly ondersteun het
- Professor Knoetze, wat altyd gereed was met ondersteuning, goeie raad en leiding
- Dr. Ebersöhn, vir hulp in haar professionele hoedanigheid
- my broers en susters, vir 'n wakende ogie en 'n hupstoot hier en daar
- my husband, Silviu, who had to suffer while I was too busy to pay attention to my most important loved one
- Matei, who had to teach the Afrikaans teacher more about computers
- en my ma, wat nie lank genoeg kon leef om die einde hiervan te beleef nie, maar baie trots sou wees op Magrietjie.

Summary

Aanlynjoernale in Afrikaans onderrig: Leerders se hantering van frustrasie

Online journals in Afrikaans education: How learners handle frustration

By
Maryke Anneke Mihai

Supervisor: Prof. Dr. J. G. Knoetze

Co-supervisor: Dr. L. Ebersöhn

Department: Department of Curriculum Studies

Degree: Magister Educationis in Computer Integrated Education

This study focuses on blogging, as one of the possible uses of the computer in an Afrikaans class in order to improve integration between the learning areas in a school environment. It was a new experience for learners, especially the use of technology in an Afrikaans class.

The researcher wanted to determine how learners will handle frustration in a new situation, with the focus on the different components operating in a school environment: the frustration caused by the use of the technology, the subjects / learners themselves, the rules they had to adhere to, the community they lived in: teacher, other learners, parents, who had to consider the project viability.

The most important recommendation is that this type of exercise should become a preferred way of teaching and learning, due to its educational value in shaping learner's minds and guiding teachers to see and do things differently in a technology driven society.

Key words: blogs, blogging, blogger, online journal entries, activity theory, frustration, motivation, aggression, regression, withdrawal.

Inhoudsopgawe

Erkennings	ii
Summary	iii
Inhoudsopgawe	iv
Lys van tabelle	vii
Lys van figure	vii
Lys van addenda	vii
Hoofstuk 1: Inleiding en agtergrond	
1.1 Inleiding	1
1.2 Agtergrond	1
1.3 Organisasie van die studie	4
1.4 Belang van die studie	5
Hoofstuk 2: Literatuurstudie en teoretiese raamwerk	
2.1 Inleiding	6
2.2 Literatuurstudie oor blogging	6
2.2.1 Definisie van en inleidende gedagtes oor blogging	6
2.2.2 Kenmerke van en statistiek oor bloggers	11
2.2.3 Implikasie vir die onderrig	14
2.2.4 Eie evaluering van en opsommende gedagtes oor blogging	21
2.3 Die gebruik van die aktiwiteitsteorie	24
2.3.1 Beskrywing van die aktiwiteitsteorie	24
2.3.2 Eie evaluering van en opsommende gedagtes oor die aktiwiteitsteorie	26
2.4 Literatuurstudie oor frustrasie	27
2.4.1 Definisie van frustrasie	27
2.4.2 Teoretiese raamwerk vir frustrasie	28
2.4.3 Opsommende gedagtes oor frustrasieteorieë	30
2.5 Gevolgtrekkings na die literatuurstudie	32
Hoofstuk 3: Navorsingsontwerp	
3.1 Inleiding	33
3.2 Die navorsingsverloop	33
3.2.1 Fase 1: Oriëntering en keuse van onderwerp	33
3.2.1 a) Bepaling van die belangstellingsveld	33
3.2.1 b) Bepaling van die fokus in die veld	35
3.2.1 c) Bepaling van moontlike emosies van leerders teenoor die opdrag	35
3.2.1 d) Aannames oor faktore wat frustrasie kan veroorsaak	35

Inhoudsopgawe (vervolg)

3.2.2	Fase 2: Die literatuurstudie neem 'n aanvang	36
3.2.2 a)	Voorlopige bestudering van terme met betrekking tot frustrasie	36
3.2.2 b)	Keuse van teoretiese raamwerk	36
3.2.3	Fase 3: Identifisering en definiëring van die navorsingsprobleem	36
3.2.3 a)	Omskrywing van die navorsingsvraag	36
3.2.3 b)	Definiëring van die navorsingsdoel	37
3.2.3 c)	Bepaling van die rationaal vir die navorsing	37
3.2.4	Fase 4: Steekproeftrekking	37
3.2.5	Fase 5: Verfyning en verdieping van kennis	38
3.2.5 a)	Frustrasieteorie met 'n kenner bespreek	38
3.2.5 b)	Literatuurstudie voortgesit	38
3.2.6	Fase 6: Die skryf en wysiging van die navorsingsvoorstel	38
3.2.6 a)	Voorlopige skryf van die navorsingsvoorstel	38
3.2.6 b)	Bespreking van die navorsingsvoorstel	39
3.2.6 c)	Wysiging van die navorsingsvoorstel	39
3.2.7	Fase 7: Departementele verdediging van die navorsingsvoorstel	39
3.2.7 a)	Verdediging van die navorsingsvoorstel voor die navorsingskomitee	39
3.2.7 b)	Wysiging van die navorsingsvoorstel	40
3.2.8	Fase 8: Voorbereiding vir die etiese klaringskomitee	40
3.2.8 a)	Verkryging van toestemming by die skoolraad en skoolhoof	40
3.2.8 b)	Toestemmingsbriewe aan ouers of voogde	40
3.2.8 c)	Voltooiling van die dokumentasie ten opsigte van etiese klaring	40
3.2.8 d)	Opsomming van die navorsingsvoorstel	40
3.2.9	Fase 9: Verkryging van toestemming vir die navorsing	41
3.2.9 a)	Toestemming van ouers	41
3.2.9 b)	Verkryging van etiese klaring	41
3.2.9 c)	Goedkeuring van die titel van die verhandeling	41
3.2.10	Fase 10: Die intervensie	41
3.2.10 a)	Die intervensie word van stapel gestuur	41
3.2.10 b)	Leerders doen hul joernaalinskrywings en verkry kommentaar	43
3.2.11	Fase 11: Leerders skryf narratiewe opstelle	43
3.2.11 a)	Die opdrag aan die leerders	43
3.2.11 b)	Die skryf van die opstelle	44
3.2.12	Fase 12: Transkribering van narratiewe opstelle	44
3.2.13	Fase 13: Opleiding in Atlas.ti	44
3.2.14	Fase 14: Kodering van narratiewe opstelle	44

Inhoudsopgawe (vervolg)

3.2.14 a)	Identifisering en toekenning van kodes na aanleiding van teoretiese raamwerk	44
3.2.14 b)	Families vir superkodes geskep	45
3.2.15	Fase 15: Generering van verslae	46
3.2.16	Fase 16: Aflaai van verslae	46
3.2.17	Fase 17: Verslagskrywing	47
3.3	Opsommende gedagtes	47
Hoofstuk 4: Dataversameling, -analise en -verklaring		
4.1	Inleiding	48
4.2	Faktore wat frustrasie in die projek veroorsaak	48
4.2.1	Aannames by aanvang van die projek	48
4.2.2	Bevindinge ten opsigte van faktore wat frustrasie kan veroorsaak	50
4.2.2 a)	Menslike faktore	50
4.2.2 a) i)	Hoe die onderwyser frustrasie in die projek veroorsaak het	54
4.2.2 a) ii)	Hoe leerders tot hul eie frustrasievlekke bygedra het	54
4.2.2 a) iii)	Die invloed van ouers of ander familie as bydraende faktore tot frustrasie	55
4.2.2 a) iv)	Die bydrae van ander leerders tot individue se frustrasievlekke	56
4.2.2 b)	Tegnologie	56
4.3	Voorkeurwyse van frustrasiehantering	59
4.3.1	Wyses van frustrasiehantering	59
4.3.2	Gemengde respons ten opsigte van frustrasiehantering	61
4.4	Samevatting	63
Hoofstuk 5: Opsomming, gevolgtrekkings en aanbevelings		
5.1	Inleiding	64
5.2	Opsomming	64
5.2.1	Die navorsingsvraag, -doel en -rasional	64
5.2.2	Die navorsingsverloop	65
5.3	Gevolgtrekkings	66
5.3.1	Algemene gevolgtrekking na die literatuurstudie	66
5.3.2	Gevolgtrekkings oor die waarde van blogging in die onderwys	66
5.3.3	Gevolgtrekkings oor die gebruik van die aktiwiteitsteorie	68
5.3.4	Gevolgtrekkings oor die gebruik van die frustrasieteorie	69
5.3.5	Gevolgtrekkings oor die relevansie van die studie	69
5.4	Aanbevelings	69
Bibliografie		72

Lys van tabelle

Tabel 1.1	Organisasie van die studie	5
Tabel 2.1	Soorte webjoernale	9
Tabel 2.2	Twee vrae aan Richardson en die reaksie daarop	15
Tabel 2.3	Die voor- en nadele van blogging in 'n onderwysopset	22
Tabel 3.1	Samestelling van die klasse wat vir die steekproef gebruik is	38
Tabel 3.2	Opdrag aan graad tien-leerders	42
Tabel 3.3	Kodes toegeken volgens Maier se teoretiese raamwerk	45
Tabel 3.4	Superkodes deur Atlas.ti gegenereer	46
Tabel 4.1	Faktore wat frustrasie in 'n bloggerprojek by graad tiens kan veroorsaak	48
Tabel 4.2	Tegnologiese faktore wat frustrasie tydens joernalinskrywings in 'n blogger kan veroorsaak	49
Tabel 4.3	Menslike faktore wat frustrasie veroorsaak het	50
Tabel 4.4	Tegnologiese faktore wat frustrasie veroorsaak het	56
Tabel 5.1	Die navorsingsvraag, -doel, en -rasionaal van die studie	64

Lys van figure

Figuur 1.1	Die aktiwiteitsteorie gebruik om subvrae vir die navorsing te formuleer	4
Figuur 2.1	Voorbeelde van blogs	10
Figuur 2.2	Die basiese komponente van die aktiwiteitsteorie	25
Figuur 2.3	Voorstelling van die aktiwiteitsteorie soos van toepassing gemaak op hierdie projek	27
Figuur 2.4	Skematische voorstelling van frustrasiedefinisie	30
Figuur 2.5	Voorstelling van frustrasieteorieë en keuse van gebruik	31
Figuur 3.1	Die navorsingsverloop	34
Figuur 4.1	Persentasie van hanteringswyses	59
Figuur 4.2	Gemengde respons tydens frustrasiehantering	60
Figuur 4.3	Gekombineerde hanteringswyses volgens Maier se teorie van frustrasiehantering	61
Figuur 4.4	Die verband tussen die faktore wat frustrasie veroorsaak het en moontlike hanteringswyses van frustrasie	62

Lys van addenda

Addendum A: Toestemming vir die navorsing van die skoolraad

Addendum B: Toestemming vir die navorsing van die skoolhoof

Addendum C: Toestemming vir die navorsing van die ouers

Addendum D: Goedkeuring van die titel van die verhandeling

Hoofstuk 1: Inleiding en agtergrond

1.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die agtergrond en besluite wat tot die onderneem van die studie, asook die rasional en navorsingsvraag gelei het, bespreek. Die relevantheid van die aktiwiteitsteorie word aangeraak en die verloop van die studie in vyf hoofstukke word getabuleer. Die belang van die studie word in die lig van praktykverbetering gestaaf.

1.2 Agtergrond

Die navorser wat hierdie studie onderneem het, was 'n Afrikaans onderwyser by 'n privaatskool, het senior leerders van graad agt tot elf onderrig en het besluit dat daar so min moontlik ontwrigting as gevolg van die studie in die alledaagse skoolprogram behoort te wees. Die onderwerp van die studie moes dus by die skoolsyllabus inpas en 'n geriefsteekproef is geneem. Om hierdie redes is ook besluit dat die rasional vir die navorsing praktykverbetering sou wees.

Met die eise vir die studie en dié van die skool in gedagte, is die volgende besluite geneem:

- Aangesien die meestersgraad wat onderneem is, rekenaargeondersteund van aard was, moes die rekenaar by die studie betrek word, iets wat nie alledaags in 'n Afrikaans klas gebeur nie. Blogging was 'n redelik nuwe tegnologiese gonswoord en ook 'n medium wat veral op skryfwerk en kommunikasie steun en daarom ideaal om in 'n taalsituasie te gebruik.
- Die navorser het graad agts tot elfs onderrig, maar die graad tien syllabus vir 2006 het verander, met heelwat meer om die lyf vir Afrikaans

op tweedetaalvlak. Leerders moes byvoorbeeld 'n **navorsingsprojek** aanpak en heelwat meer terminologie baasraak.

- Die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans (SBA) bied 'n jaarlikse kompetisie in Afrikaans (Die Afrikaans Ekspos) aan waarin leerders in verskillende kategorieë pryse kan wen op provinsiale en nasionale vlak. Hierdie kategorieë behels onder meer 'n **navorsingsprojek**, kortverhaal, **joernaalkrywing**, poësie, musiek en liriek en die maak van koerantplakboeke. Leerders kan sertifikate op provinsiale en nasionale vlak verwerf en brons-, silwer- of goue medaljes op nasionale vlak. Daar word ook nasionale wenners en naaswenners in elke kategorie aangewys. Indien leerders op nasionale vlak byvoorbeeld 'n goue medalje verwerf, beteken dit ook finansiële steun deur universiteite vir leerders wat verder studeer. Die skool neem die afgelope vyf jaar aan hierdie kompetisie deel.

Die navorser het besluit om die beskryfde situasies tot die leerders en eie voordeel te kombineer. Hierin lê 'n onderwerp vir 'n meestersgraadverhandeling opgesluit en vir die leerders word die navorsingsprojek wat volgens die sillabus aangepak moet word, en deelname aan die Afrikaans Ekspos, deur 'n joernaalkrywing, gekombineer.

Die hele graad tien-groep van Cornwall Hill College wat Afrikaans as vak neem (bestaande uit 79 eerste-, tweede- en derdetaalleerders) moet 'n bekende Suid-Afrikaanse persoonlikheid (lewendig of reeds oorlede) kies en navorsing oor die persoon doen. Hulle moet hulself in die persoon se skoene plaas en 'n aantal joernaalkrywings genereer om belangrike momente in daardie persoon se lewe voor te stel asof hulle self daardie persoon is. Al die leerders het 'n rubriek gehad waarvolgens hul werk beoordeel sou word: aspekte soos kreatiwiteit,


inhoud, taalgebruik, geheelindruk, die integrering van die navorsing in die kreatiewe werk en opstel van 'n bibliografie waarin na gebruikte bronne verwys is, is beoordeel.

Die navorser se groep (40 van die 79 graad tien-leerders) moes hul inskrywings in 'n blogger aanbied en hul navorsing elektronies aanheg. Hulle het 'n baie meer gestruktureerde program gehad: 'n week per inskrywing en drie dae om ten minste een, maar verkieslik meer persone (ander leerders of familie) te vind om op hul werk kommentaar te lewer. Hulle moes hul werk op grond van die kommentaar hersien. Die ander groep kon hul inskrywings soos gewoonlik skriftelik inhandig. Daar is nie van hulle verwag om ander leerders of familie se kommentaar te verkry of in ag te neem nie.

Die navorser was seker dat verskeie faktore **frustrasie** in hierdie projek sou veroorsaak, veral by die groep waarvan verwag is om dinge anders as gewoonlik te doen deur die rekenaar te gebruik. Hierdie aanname het tot die volgende navorsingsvraag geleid: Hoe sal leerders **frustrasie** hanteer indien **joernaal-inskrywings** in 'n Afrikaans klas elektronies in 'n **blogger** gedoen moet word? Daar is ook aangeneem dat verskeie dinge in die skoolopset tot die frustrasie sou bydra: die opdrag wat anders as gewoonlik aangepak moes word, die onregverdige onderwyser wat groepe verskillend hanteer, die ouers wat leerders moes help en die gebruik van die internet vir 'n skoolprojek moes verdra. Die leerders was egter ook daarvan bewus dat hulle as proefkonyne vir hul onderwyser se navorsing gebruik word, en was dus meer geneë om al die frustrasies so positief moontlik te hanteer.

Tydens die verdediging van die navorsingsvoorstel is voorgestel dat die gebruik van die aktiwiteitsteorie bygewerk word. Dit het goed by die situasie en aannames ingepas en tot 'n paar subvrae gelei. Dit is in figuur 1.1 uiteengesit.

Figuur 1.1: Die aktiwiteitsteorie gebruik om subvrae vir die navorsing te formuleer



Die aktiwiteitsteorie word in meer besonderhede in hoofstuk 2 bespreek en die frustrasie veroorsaak deur die gebruik van die gereedskap / tegnologie, (die blogger), die leerders self, die reëls en die gemeenskap in hoofstuk 4.

1.3 Organisasie van die studie

Hierdie studie is in vyf hoofstukke georganiseer, waarvan die belangrikste gedagtes in tabel 1.1 uiteengesit is.

Tabel 1.1: Organisasie van die studie

Hoofstukke	Inhoud
Hoofstuk 1: Inleiding en agtergrond	Die agtergrond en aspekte wat tot die studie bygedra het, is bespreek.
Hoofstuk 2: Literatuurstudie en teoretiese raamwerk	Die literatuurstudie is in drie dele verdeel: <ul style="list-style-type: none"> • Literatuurstudie oor blogging. • Literatuurstudie oor die aktiwiteitsteorie. • Bespreking van literatuur oor frustrasie en keuse van teoretiese raamwerk.
Hoofstuk 3: Navorsingsontwerp	Die navorsingsverloop en metodologie is in sewentien fases bespreek.
Hoofstuk 4: Dataversameling, -analise en -verklaring	Die volgende aspekte is bespreek: <ul style="list-style-type: none"> • aannames aan die begin van die studie • voorkeurwyses van frustrasiehantering • persentasie van hanteringswyses • gemengde response • verband tussen aannames en hanteringsmeganismes.
Hoofstuk 5: Opsomming, gevolgtrekkings, aanbevelings	<ul style="list-style-type: none"> • Opsomming van die navorsingsvraag, -doel, -rasionaal en -verloop. • Gevergelykings oor die literatuurstudie, blogging in die onderwys en frustrasieteorieë. • Aanbevelings oor hoe soortgelyke projekte in die toekoms hanteer behoort te word.

1.4 Belang van die studie

Aangesien hierdie studie ter wille van praktykverbetering aangepak is, is dit die lig waarin die aanbevelings, soos gemaak in hoofstuk 5, gesien moet word. Die navorsers hoop dat hierdie studie en die aanbevelings daarna, ander onderwysers sal motiveer om soortgelyke projekte aan te pak, waar beskikbare tegnologie ook in 'n taalklas geïntegreer word, nie slegs ter wille van die gebruik daarvan nie, maar in projekte waarin werklik van die potensiaal van die medium gemaak word en ou metodes en assesseringstandarde vernuwe kan word.

Hoofstuk 2: Literatuurstudie en teoretiese raamwerk

2.1 Inleiding

Die literatuurstudie word in drie dele verdeel. Die literatuurstudie oor blogging word eerstens aangepak. Daarna word Vygotsky se aktiwiteitsteorie en die toepassing daarvan op hierdie studie bespreek. Laastens word verskillende teorieë oor frustrasie aangeraak en die gekose teoretiese raamwerk van frustrasie bespreek.

2.2 Literatuurstudie oor blogging

2.2.1 Definisie van en inleidende gedagtes oor blogging

Volgens Richardson (2006(a)) is 'n blog 'n webwerf, wat maklik geskep en opgedateer kan word. 'n Blogger (persoon wat blog) kan direk op die internet in 'n blogger (weblog) publiseer, sonder programmeringskennis. Blogging (die skryfaksie in 'n weblog) is 'n dinamiese proses. Deur middel van blogging betrek die outeur lesers met idees, vrae en skakels, wat van hulle verwag om te dink en kommentaar te lewer. Blogs vereis interaksie (Richardson: 2006). Volgens Wikipedia (2006) word 'n blog chronologies georganiseer (met die mees onlangse inskrywing eerste geplaas). Gewoonlik bestaan 'n blog uit teks, maar kan ook om foto's ('n fotowebjoernaal), video (vlog) of klank (podgooi) gaan.

"Webjoernale kan gehuisves word deur gespesialiseerde webjoernaalhuisvestingsdienste, aangedryf word deur webjoernaalsagteware soos WordPress, blogger of LiveJournal, of gehuisves deur 'n gewone webhuisvestingsdiens, soos Mweb. Webjoernale kombineer die persoonlike webwerf met gereedskap wat

ten doel het om skakeling met ander webwerwe makliker te maak- spesifiek permanente skakels (permalinks), webjoernaalrolle (blogrolls) en terugspoor (trackback). Dit, tesame met webjoernaalsoekenjins, maak dit vir webjoernaalskrywers- en lesers moontlik om skakels te volg na ander individue met soortgelyke belangstellings" (Wikipedia: 2006).

Volgens Venter (redakteur van Silwernet) se bloginskrywing van 5 Julie 2006, het Fanus Rautenbach voorgestel dat die woord **blok** in plaas van blog in Afrikaans gebruik behoort te word. Venter haal Greyling (tegnologieskrywer van Beeld) se definisie van blogs aan: "Webblaie wat deur mense gehou word soos dagboeke. Hulle pas die blaie gereeld aan en gee daarop hul sienings van sake. Enigiets. Van modes en skindernuus tot ernstige, aktuele kwessies." Rabie noem blogs 'n paradigmaverskuiwing en vergelyk dit met Gutenberg se drukdeurbraak van die vyftiende eeu (Venter: 2006). Meyer, spanningsverhaalskrywer, is van mening dat blogs nie goed of sleg is nie, bloot menslik. "Ons leef in 'n wêreld waar dit al hoe moeiliker raak om 'n individu te wees, om gehoor en gesien te word. Die gewone mens "bestaan" omtrent nie. Blogs is 'n soort rewolusie hierteen. Soos enige medium sal 'n proses van evolusie die goeie blogs laat groei en die swakkes laat verdwyn" (Venter: 2006).

Volgens Van Rensburg (2006) sal mense wat in die verlede hul opinie in koerante sou lug, nou hul stem in blogs dik maak. Hierdie skrywer meen dat blogs se sosiale funksie voorkeur kry, aangesien mense graag aanlyndagboeke met foto's en videomateriaal as 'n verslag oor hul bestaan skep. Die politieke blog is egter ook gewild en baie blogs fokus op temas, wat enigiets van politiek, handel, kultuur, besigheid, tot troeteldiere, stokperdjies of huweliksprobleme kan wees. "Jy het carte blanche om miljoene mense te boei of verveel, en g'n sensor,

regeringsamptenaar, redakteur of resensent kan sê jy moet stilbly nie" (Van Rensburg: 2006).

Somer (2006) druk die voordele van blogging vir blogskrywers en -lesers as volg uit:

- Aanlynjoernale verskaf 'n stem aan elke persoon wat 'n rekenaar en toegang tot die internet het.
- Hierdie nuwe geslag skrywers besef dat hul idees en gelowe 'n sekere openbaring vir ander kan wees. Hulle besef ook dat elke mens 'n identiteit het wat deur ander versterk of bevestig kan word wanneer opinies op die web uitgedruk word.
- Wanneer skrywers die gewone roete volg, kan dit baie lank neem om hul werk te publiseer, dan kan dit ook afgekeur word of redigerig benodig. Op die web kan 'n mens se opinies dadelik gepubliseer word en jy kan binne die bestek van ure terugvoer verwag.
- In plaas daarvan om Google as soekenjin te gebruik, kan jy direk na 'n blog gaan en ander, wat dieselfde belangstellings as jy het, of foendies op die gebied is, se opinies lees.

Volgens Wikipedia (2006) kan 'n webjoernaal uit die volgende bestaan:

- Titel of hoofopskrif, wat aan die blog 'n sekere identiteit verskaf.
- Liggaam of hoofinhoud, wat een of meer inskrywings kan bevat.
- Permanente skakel, of webadres (URL) van die individuele artikel.
- Plasingsdatum, datum en tyd toe die artikel gepubliseer is.
- Kommentaarfasiliteit, 'n manier om bespreking van webjoernaal- inskrywings te verseker.
- Skakels na ander webwerwe of artikels.

- Terugspoor: wanneer 'n webjoernaalskrywer op 'n inskrywing uit 'n ander webjoernaal reageer, word die oorspronklike skrywer deur middel van 'n terugspoor-pienggeluid hiervan op hoogte gebring.
- Real Simple Syndication (RSS), 'n skakel wat ander persone toelaat om die inhoud van 'n blog na hul webtuiste te stuur. Webblaie kan dan met 'n enkele muiskliek vir opdaterings gekontroleer word.
- Argief, wat skakels na vorige bloginskrywings bevat.

In Wikipedia (2006) word die moontlike soorte webjoernale bespreek. Hierdie soorte word in tabel 2.1 genoem en beskryf. Een outeur se blog kan uit meer as een van hierdie soorte bestaan.

Tabel 2.1: Soorte webjoernale

Soort	Beskrywing
Besigheids-webjoernaal	Artikels oor besighede verskyn hier, dit verteenwoordig die mening van die besigheidsentiteit.
Fotojoernaal	Slegs foto's en kort beskrywings daarvan verskyn hier.
Klas-webjoernaal	Artikels deur 'n onderwyser en sy/haar leerders word hier geplaas. Dit kan lesse, opdragte vir en deur leerders, briewe aan ouers, skoolreëlings, ens. insluit.
Klub-webjoernaal	Lede van 'n bepaalde klub, vereniging of organisasie sal nuus en wetenswaardighede hier publiseer.
Lewens-webjoernaal	'n Aanlyndagboek waarin berigte geplaas word oor gebeurtenisse in die lewe van die skrywer van die joernaal.
Menings-webjoernaal	Menings, kommentare of beskouings word hier geplaas oor aktuele aangeleenthede in die samelewing.
Mobiele webjoernaal	'n Webjoernaal wat bygehou word vanaf 'n selfoon, deur byvoorbeeld Multi Media System (MMS), selfs met foto's op 'n selfoon geneem.
Musiek-webjoernaal	Hierin word gefokus op musiek, hetsy kritiek of bevordering van musiek, groepe of musici.
Nuus-webjoernaal	'n Aanlynkoerant wat op aktuele onderwerpe fokus en deur verskeie redaksielede bygehou word.

Tabel 2.1: Soorte webjoernale (vervolg)

Polijoernaal	'n Webjoernaal waarop politici artikels plaas.
Reisjoernaal	Artikels oor reise wat mense onderneem, word hier geplaas.
Skakel-webjoernaal	Dit bestaan uit 'n versameling URL's (internetadresse), wat as interessant deur die plaser daarvan beskou word, gewoonlik met persoonlike kommentaar.
Skok-webjoernaal	Dit probeer publieke belangstelling lok deur middel van skokkende, aggressiewe, oproerige inhoud.
Stads-webjoernaal	Artikels met 'n bepaalde stad of gemeenskap as onderwerp word hierin geplaas.
Tema-webjoernaal	Artikels oor 'n onderwerp of professie word hier geplaas, deur individue met 'n passie vir of kennis oor die onderwerp.

In figuur 2.1 verskyn twee verskillende voorbeelde van blogs.

Figuur 2.1: Voorbeelde van blogs

Temawebjoernaal: BlogAfrikaans



The screenshot shows the homepage of **BlogAfrikaans**. At the top, there is a navigation bar with links for **TUIS**, **BLOGS**, **SLUIT AAN**, and **KONTAK**. Below the navigation bar, there is a search bar with the placeholder text "Soek" and a button labeled "vind". To the right of the search bar, there is a box containing the text: "BlogAfrikaans hou tred met die Afrikaanse blogosfeer. Die nuutste inskrywings verskyn hieronder, en jy kan jou blog byvoeg deur [hier](#) in te vul. As jy by die Afrikaanse Blog Webring is, lees [hier](#) wat is nuut." Below this box, there is an RSS feed link: "RSS feed vir die inskrywings kom hopelik binnekort. Die soek-funksie kan nog nie deur die inskrywings soek nie." On the left side of the page, there is a sidebar with a list of categories: **skrywers** (with items: 7 de Laan, Afrikaans.be, Alleman, annelie, b l o u t e, BoetieBroer se Bladsye, boorgat, Britse ou jol in Afrikaans, Die Kampie), **4**, and **5**. The main content area displays a list of recent posts under the heading "Nuutste inskrywings": **1** (Kuier Saam in Afrikaans: Die Beyerskloof Musiek Marathon), **2** (Gepos 88 minute gelede), and **5** (Vir die eerste keer in baie jare begin die musiek wat deur die ondergrondse are van Stellenbosch klop, weer mense se wenkbroue te lig. De Plate Kompanjie en Beyerskloof span saam om vir die eerste keer in Suid-Afrika se geskiedenis 'n weeklange musiek marathon op die planke te bring wat mik om die verskillende musiekfaksies en [...] [Skakel]).

Dié temawebjoernaal bestaan uit die volgende dele: 1: titel, 2: navigasiesisteem, 3: soekenjin, 4: skakels, 5: bloginskrywing.

Musiek- en lewenswebjoernaal: Steve se Spoeg Blok



The screenshot shows the homepage of [Steve se Spoeg Blok](http://stevespoegblok.blogspot.com). The top navigation bar includes links for Tuisblad, Web Radio Stasies, Nuusvoer, Klets, HULPSTAAF, Wie's ons?, Register, and a search bar. A banner at the top right features a photo of Steve Hofmeyr singing into a microphone. Numbered callouts point to specific features:

- 1**: Top right corner featuring a photo of Steve Hofmeyr.
- 2**: A small number in a box on the right side of the header.
- 3**: A search bar labeled "Type and Wait to Search".
- 4**: A sidebar with links: Register, Login, RSS Feed-Posts, RSS Feed-Comments, Hulpstaaf-Dis Gratis!, Lost Password?, Bestuur+Besprekings.
- 5**: A large number in a box on the left side of the main content area.
- 6**: A small number in a box below the main content area.
- 7**: Two thumbnail images of Steve Hofmeyr, one from a DVD cover and one from a newspaper.
- 8**: A small number in a box above the main content area.
- 9**: A sidebar with the text "Ons Borge" and a link to "AUTON VILLA Watch this space!".
- 10**: A large number in a box on the right side of the main content area.

The main content area displays a blog post by Steve Hofmeyr on March 12th, 2007, titled "Dankie Hanlie en Rapport. Afrikanerraad. Geluk Kurt. Boererate. Go Bulls! Die boikotbriefskrywer opgespoor." with 54 comments.

Dié musiek- en lewenswebjoernaal bestaan uit die volgende dele: 1: titel, 2: navigasiesisteem, 3: soekenjin, 4: skakels, 5: bloginskrywing, 6: kommentaarfasiliteit, 7: foto's, 8: argief, 9: advertensies van en inligting oor borge, 10: adverteringsmoontlikhede vir lesers.

Uit figuur 2.1 blyk dat blogs onderling redelik kan verskil in die gebruik van kleur, advertensiemateriaal wat toegelaat word of nie, foto's wat geplaas word of nie, die hoeveelheid skakels waarvan gebruik gemaak word, en dies meer.

2.2.2. Kenmerke van en statistiek oor bloggers

Lenhart (2006), kom op grond van telefoonopnames, gedoen tussen Julie 2005 en Februarie 2006 tot hierdie gevolgtrekkings:

- Agt persent van internetgebruikers, of ongeveer 12 miljoen Amerikaners, onderhou 'n blog, terwyl 39% (ongeveer 57 miljoen) blogs lees.
- Blogging inspireer 'n nuwe groep skrywers om hul opinies met die wêreld te deel: 54% bloggers het nog nie vantevore êrens anders gepubliseer nie.

- Die blogpopulasie is jonk (meer as die helfte is onder die ouderdom van 30), gewoond daaraan om die internet gereeld te gebruik, redelik gelykop verdeel tussen die geslagte, die meeste woon in stede en is van baie verskillende rasse.
- Hoewel baie veelgelese blogs op politiek fokus, bly die gewildste onderwerp vir blogging persoonlike lewensorde vindinge.
- Slegs een-derde bloggers sien blogging as joernalistiek, maar baie spandeer ekstra tyd daarop om seker te maak dat hul feite korrek is.
- Ten spyte daarvan dat blogs oop is vir enigeen om te lees, beskou die meeste bloggers dit as 'n individuele aktiwiteit. Nogtans laat 87% kommentaar op hul blogs toe.
- Die volgende redes word (in volgorde van belangrikheid) vir blogging verskaf: Om ...
 1. uitdrukking te gee aan kreatiwiteit.
 2. persoonlike lewensorde vindinge te deel.
 3. in aanraking te bly met vriende en familie.
 4. kennis en vaardighede met ander te deel.
 5. ander tot aksie te motiveer.
 6. lesers te vermaak.
 7. belangrike informasie te stoor.
 8. die manier waarop ander dink, te beïnvloed.
 9. nuwe mense te ontmoet.
 10. geld te maak.

Technorati, 'n soekenjin en meetfirma wat die ontwikkeling van blogs en ander gebruikergedreve inhoud op die web volg, berig die volgende in 2006:

- Die firma volg meer as 35.3 miljoen blogs.
- Die blogsfeer (groep mense wat blogs onderhou en/of lees) verdubbel elke ses maande in grootte.
- Die blogsfeer was in 2006 60 keer groter as in 2003.
- 'n Nuwe blog word gemiddeld elke sekonde van elke dag geskep.
- 55% oueurs skryf steeds in hul blogs drie maande nadat dit geskep is.
- Die firma volg ongeveer 1.2 miljoen nuwe bloginskrywings per dag, 50 000 uurliks.

Volgens Caslon (2006), is daar egter min betroubare skattings van blogs of hul groei en baie bepalings bevat kontradiksies of is slegs tot die maatskappy wat die bepalings doen, se voordeel. In April 2006 het die Britse Marknavorsingsburo bepaal dat slegs 2% Britse internetgebruikers blogs publiseer en 10% een keer maandeliks blogs lees (Caslon: 2006). Volgens die tegnologieontledingsmaatskappy Gartner, kan die gebruik van blogs in 2007 sy hoogtepunt bereik, maar Van der Merwe (dosent in internetjoernalistiek aan die Universiteit van Johannesburg) meen dat die verskynsel nog nie in Suid-Afrika sy toppunt bereik het nie weens die gebrek aan tegnologie en die vaardighede om dit te gebruik (Pretorius: 2007).

Om die implikasie van enige fenomeen te bepaal, is dit nodig om te bepaal hoe die steekproef met wie jy werk, lyk, wat hulle belangrikste kenmerke is. Volgens Rainie (2005) beskik die millenniumkinders (gebore 1982-2000) veral oor die volgende kenmerke waarmee daar rekening gehou behoort te word. Hulle . . .

- is spanspelers, selfversekerd, konvensioneel, prestasiebewus, en beskou hulself as spesiaal.
- is tegnologiebewus. Rekenaarkrag verdubbel elke 18 maande, kommunikasiemoontlikhede elke nege maande en dis wat hulle gebruik.
- verwag om informasie op 'n verskeidenheid maniere te kan bekom.
- wil interaktiewe media gebruik en inhoud deel en manipuleer.
- sien die internet as 'n biblioteek en manier waarop projekte vinnig afgehandel kan word, 'n slim en getroue vriend, studiegroep, raadgewer.
- aandag word moeilik behou en hulle is gewoonlik besig met meer as een aktiwiteit gelyktydig.
- is konstant besig om tegnologies met mekaar te kommunikeer en eie privaatheid is nie so belangrik as in die verlede nie. Vriende is een van die belangrikste dinge om te hê, om "in" te wees en deel van 'n groep.

2.2.3 Implikasie vir die onderrig

Blogs verteenwoordig 'n perfekte medium vir bevordering van verbale- en rekenaargeletterdheid en sorg vir 'n arena waar kreatiwiteit en selfverwoording bevorder kan word (Huffaker: 2004). Bloggers kom in verbinding met 'n hele aanlyngemeenskap wat kommentaar op hul inskrywings kan lewer of terugvoer kan gee. Enige skool- of universiteitdissipline kan blogs as 'n vorm van metaleer gebruik (Huffaker: 2004). Solove (2005) haal Farrell aan, wat sê dat blogging wel nie soveel diepte as 'n akademiese publikasie het nie, maar dit verleen aan skrywers 'n vryheid en buigsaamheid wat nie met ander skryfwerk vergelyk kan word nie. Farrell redeneer verder dat blogging baie aantreklik vir leerders behoort te wees, want dit gee vir hulle die geleentheid om hul stemme te laat

hoor, en dit is selfs moontlik dat hulle meer lesers kan trek as uitgelese akademici indien hulle stimulerende en interessante inhoud aanbied.

In 'n onderhou met Richardson, vra Coggins (2006) twee belangrike vrae, waarvan die inhoud in tabel 2.2 uiteengesit is.

Tabel 2.2: Twee vrae aan Richardson en die reaksie daarop

Coggins se vrae	Richardson se antwoord
Wat dink jy is die belangrikste gebruik van blogs vir onderwysers?	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Klaswebblad waarop opdragte, skakels, ensovoorts geplaas kan word • 'n Besprekingskanaal van opdragte of leerders se uitvoering daarvan • 'n Samewerkingskanaal tussen groepe leerders • 'n Léerkabinet vir sillabusse, onderwyserinstruksies • 'n Plek waar persoonlike portefeuiljes gestoor kan word
Wat is die belangrikste gebruik van blogs vir leerders?	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Aanlynstoorpolek vir portefeuiljes, wenke of notas • 'n Bewys van leerders se vordering binne 'n sekere tydsbestek • 'n Kennisargief waarop jaarliks gebou kan word • 'n Bewys van groepsamewerking • 'n Aanlyndagboek • 'n Navorsingsjoernaal

Volgens Richardson (2006(b)) bring baie kinders deesdae kennis na die klaskamer wat baie onderwysers nie het nie, veral uit 'n tegnologiestandpunt. Dit is dus 'n geleentheid vir onderwysers om sekere leerders toe te laat om die agterblewenes te onderrig. Hierdie outeur redeneer dat leeromgewings moet verander om gebruik te maak van die informasie en idees waarmee deur middel van tegnologie in verbinding getree kan word. Richardson meen dat irrelevante kurrikula, wat steeds deur baie onderwysers gebruik word, aangepas moet word om aan huidige eise te voldoen, want gebruikers se verwantskap met die web het drasties verander. Dele van Bill Gates se toespraak oor huidige skole word in

Eide (2005) aangehaal en bespreek. Gates is ook van mening dat skole verouderd is, aan die behoeftes van 'n vorige generasie probeer voldoen en daarin faal om die verskillende behoeftes van verskillende leerders raak te sien.

Richardson (2006(c)) redeneer verder . . .

- Nuwe tegnologie soos blogs en podgooi help ons nie net om inhoud soos teks, klank of video makliker te skep nie, dit laat ons ook toe om daardie inhoud op die web te publiseer en dit met ander te deel met baie min moeite.
- In plaas van 'n "lees-alleen" web, is die era van die lees/skryf-web betree, waar dit net so maklik is om tot kennis by te dra as om dit te benut.
- Om in staat te wees om wêreldwyd so maklik te publiseer, veroorsaak wetlike en etiese kwessies waarvan opvoeders bewus moet wees, maar dit skep ook 'n hele reeks nuwe leermoontlikhede vir leerders en onderwysers.
- Alle inhoud moet egter voor gebruik deur onderwysers gefilter word.

Richardson se opsommende opmerkings is dat blogs help om onderwysers en leerders se lewens te organiseer en papierboerdery aansienlik verminder.

Walker (2003) is van mening dat blogs goed is as leerjoernale, intellektuele oefening, waardering van persoonlike en ander se opinies, ontdekking van belangstellings, selfs as terapie. Walker (2003) meen ook dat dit die belangrikste is om studente netwerkgeletterdheid te leer: hoe om in 'n gedeelde omgewing te kan skryf.

Meeler ('n tegnologiespesialis en onderwyseres in Atlanta wat blogging in haar klas gebruik) sê in Gilbert (2005) dat haar leerders daarvan hou om 'n gehoor te hê en gereeld kyk hoeveel lesers op hul blogs geklik het. Hierdie onderwyseres getuig dat dit moeite neem om 'n kritiese massa ondersteuners op te bou en die leerders begin daarom met die lesers in gedagte en baie meer kreatief skryf, hulle korrigeer hul taal, dink aan kreatiewe titels vir hul inskrywings en is baie trots op hul werk.

Glogowski (2005), 'n doktorale kandidaat aan die Universiteit van Toronto en die wenner van die beste onderwysersblog in 2005, sê hy word geïnspireer deur die woorde van Wenger: "What does look promising are inventive ways of engaging students in meaningful practices, of providing access to resources that enhance their participation, of opening their horizons so they can put themselves on learning trajectories they can identify with, and of involving them in actions, discussions, and reflections that make a difference to the communities they value." Glogowski reflekteer oor die drastiese veranderinge in sy onderwyspraktyk sedert hy 'n onderwyserblogger geword het: Hy . . .

- het opgehou merk en leerders se werk korrigeer, en begin lees.
- evaluateer nog steeds die leerders se werk, maar nie meer volgens ou metodes nie.
- kan nie wag om te sien waarheen die besprekings met sy leerders lei nie.
- sien sy leerders as skrywers met stemme, wat tot besprekings kan bydra.
- sien blogs as denke wat sigbaar gemaak word.
- het gesien hoe sy leerders as 'n resultaat van verskeie aanlynaktiwiteite as deel van 'n gemeenskap ontwikkel en graag daartoe wil bydra.

Leerders hou daarvan om in hierdie **blok** (blog) te skryf. Dis soos 'n nuwe spasie. "Skryf sonder om te skryf", sonder om deur skrywersblok, wat dikwels deur die wit papier veroorsaak word, gekonfronteer te word. Dit is meer pret en nie so vervelig soos gewone pen-en-papier-skoolopdragte nie (Kajder & Bull: 2004). Hierdie skrywers lewer kommentaar daaroor dat dit 'n probleem was om 'n spelprogram te vind wat die leerders kon gebruik. Die outeurs se onderrigproses is ook gekortwiek indien leerders nie tuistoegang tot die internet gehad het nie. Dit was nie vir hul leerders soveel pret indien die inskrywings huis in 'n woordverwerkerprogram gedoen moes word en dan by die skool in die blog geplak is nie. Die literatuur ondersteun verder die idee dat tegnologiese probleme met rekenaars steeds bestaan en dat baie leerders angs en frustrasie as gevolg daarvan kan ondervind (King: 1995).

Volgens Oravec (2002) het blogs gebruikerswaarde vir onderwys en afstandsleer, waar individue onafhanklike navorsing kan doen, maar ook deur 'n gemeenskaplike leeromgewing ondersteun kan word. 'n Opsomming van die outeur se siening oor die voordele en vereistes van blogs in die onderwys volg:

- Onderwysers behoort te besef dat die inhoud van sekere materiaal onvanpas vir minderjarige gehore is en moet bewus wees van die inhoud van blogs voordat dit as verwysing in die klas gebruik word.
- Blogs kan studente hul eie stem laat vind en hulle meer analities en krities laat dink.
- Blogs vereis 'n tydbelegging en kan belangrike lesse oor die waarde van geduld herbeklemtoon.
- Blogs kan leerders help om die krag van skakels te besef: vinnige en direkte toegang kan tot eerstehandse materiaal bekom word.

- Leerders moet daarvan bewus gemaak word dat die kwaliteit van inligting nagevors behoort te word voordat daarop gesteun word vir die vorming van opinies of maak van uitsprake.
- Blogging kan plagiaat verminder, aangesien dit die vorming van eie idees en styl bevorder. 'n Blog kan gebruik word om leerders te leer om korrek na ander se werk te verwys en hul eie kritieke evaluering daarvan te maak.
- Kopieregoortredings kan verminder word wanneer leerders na ander se werk skakel en nie net daaruit kopieer nie.
- Leerkragte behoort privaatheidskwessies met leerders te bespreek en hulle bewus maak van hul aanlyngehoor. Leerders behoort versigtig te wees vir watter uitlatings gemaak word of watter voorkeure uitgespreek word, wat dalk deur verkopers van produkte misbruik kan word.

Volgens Lankshear en Knobel (2003) kan dit finansieel bevordelik wees om kragtig te kan skryf: om invloedryk in hierdie gebied te wees, beteken dat 'n skrywer 'n voorsprong in die ideëmark verower. Blogs bied 'n markvenster en kan as reklame en vir finansiële gewin gebruik word.

Hierdie outeurs som die voor- en nadele van blogging in die onderwys as volg op:

- Hoewel kreatiewe skryfkuns gewoonlik die leser in ag moet neem, bly dit 'n feit dat skrywers in skoolverband gewoonlik geen tasbare gehoor het nie.
- Gewoonlik is daar min of geen werklike standpunt of kreatiwiteit in kreatiewe skoolskryfwerk nie. Skoolblogs is gewoonlik 'n poging om nuwe tegnologie met 'n klasopdrag te vereenselwig, maar dit maak die medium dood en kan nie die potensiële krag daarvan ontwikkel of raaksien nie.

- In die onderwys is daar gewoonlik geen funksie vir die blogger se kommentaarfasiliteit nie, daar is geen funksionele of snaakse uitruil van idees nie, dit bly slegs 'n opdrag wat uitgevoer moet word.
- Waardevolle blogging in die onderwys begin by die aanname dat studente se standpunte verbeter, uitgebrei en ontwikkel moet word.
- Daar moet wegbeweeg word van alle voorgeenavorsingsaktiwiteite wat tipies is van 'n skolkurrikulum en werklike probleme, wat enstige dataversameling en analyse vereis, moet aangepak word.
- Indien die skepper nie 'n waardevolle doelwit met die blog het nie, sal dit, as gevolg van die eise van tyd, energie, kreatiwiteit en sonder affiliasie met ander nie kan bly bestaan nie.
- Blogs kan die bewys wees van 'n persoon se kennisontwikkeling binne 'n sekere tydsbestek.

Dickey (2004) skryf oor leerders se ervaringe met die gebruik van blogs in afstandsonderrig. Hy kom tot die gevolgtrekkings dat dit vir leerders 'n strategie van frustrasievermindering kan wees om hul vrese en gevoelens oor die kursus met medeleerders te deel. Leerders het die blogs ook gebruik om te sosialiseer en dié tegnologie is beter as voriges wat vir leerderkommunikasie tydens kursusse gebruik is.

2.2.4 Eie evaluering van en opsommende gedagtes oor blogging

Blogging is 'n maklike en dinamiese proses waardeur die leek of akademikus se stem oor 'n verskeidenheid sake direk op die internet gehoor kan word. Vir 'n blog om die moeite wêreld te wees, vereis dit interaksie met lesers met soortgelyke belangstellings, wat ook deur skakels na ander webtuistes uitgebrei kan word.

Die statistiek soos in punt 2.2.2 bespreek, moet gesien word in die lig van wie dit bymekaarmaak. Dit is duidelik dat Amerikaanse statistiek selfs nie op Brittanje van toepassing gemaak kan word nie, dit wil sê, Suid-Afrika kan beslis nie met Amerika vergelyk word nie. Oor die algemeen vat Amerikaanse tendense in Suid-Afrika pos wanneer dit reeds daar oorgewaai het. Dat die blogging-fenomeen uitbrei onder jong of ervare internetgebruikers en dat daar baie meer bloglesers as blogouteurs is, is duidelik.

Daar is nie spesifieke statistiek beskikbaar wat op Suid-Afrika of veral op die gebruik van Afrikaans in blogs van toepassing gemaak kan word nie. Verskeie kunstenaars, soos Steve Hofmeyr (Steve se Spoeg Blok, wat een van die gewildstes in Afrikaans is), Amanda Luyt en Anton Goosen, beskik oor hul eie blogs. Koerante soos Die Burger en organisasies soos die ATKV onderhou blogs. Lit.Net, Kraaipromosies, Die Knoop, Kak.duidelik, Poespas, Grappat, potgooi.eu, Boerseun.com, Kuier.co.za (Kuier saam in Afrikaans), om 'n paar te noem, onderhou blogs.

Hoewel sommige van die kenmerke van milleniumkinders, soos in punt 2.2.2 uiteengesit, op die meeste jongmense van toepassing gemaak kan word, soos "aandag wat moeilik behou kan word", of "deel wil wees van die in-groep", kan al

hierdie kenmerke definitief nie op alle Suid-Afrikaanse jongmense van toepassing gemaak word nie. Baie minderbevoorregtes beskik nie oor 'n internetkonneksie of selfs 'n rekenaar tuis of in die skole nie. Baie skole beskik nie eers oor biblioteke nie, om rekenaarsentrums nie eers te noem nie. Hoewel onderwysers in gegoede gebiede met dié kenmerke en die tegnologie wat daarvan saamgaan rekening moet hou, is daar in die Suid-Afrikaanse konteks baie meer basiese behoeftes waaraan daar eers aandag geskenk moet word.

Blogging kan egter nie as 'n vorm van onderwystegnologie geignoreer word nie. Dit is gewoonlik baie moeilik om leerders van enige ouderdom sover te kry om kreatiewe skryfwerk te doen en te geniet. Hierdie medium kan dit makliker maak, maar die meeste onderwysers bly outyds en hernuwe nie metodes nie en kan daarom nie leerders se aandag in die klas behou nie.

Die voor- en nadele van blogging in 'n onderwysopset word in tabel 2.3 voorgestel.

Tabel 2.3: Die voor- en nadele van blogging in 'n onderwysopset

Voordele	Nadele
<ul style="list-style-type: none"> • Blogs is vinnig om op te stel en die sagte-ware is gewoonlik verniet. Dit is ewe maklik om tot kennis by te dra as om dit te benut. • Leerders kan mekaar help en onderrig, sommige kan selfs die onderwyser onderrig. • Leerders leer om hulself uit te druk, hul eie opinies in woorde te stel. • Blogging is 'n intellektuele oefening: leerders leer reflekter, beoordeel, kommentaar lewer, dit bevoordeel kritiese en analitiese denke. 	<ul style="list-style-type: none"> • Baie leerders het steeds nie toegang tot die internet nie of vind tegnologie moeilik om baas te raak. • Skoolopdragte maak gewoonlik nie ernstig van hierdie medium gebruik nie. • Sekere inhoud is onvanpas en moet deur die onderwyser beoordeel word.

Tabel 2.3: Die voor- en nadele van blogging in 'n onderwysopset (vervolg)

Voordele	Nadele
<ul style="list-style-type: none"> • Leerders leer om met die leser in gedagte te skryf. • Die kommentaarfasiliteit kan help om eie werk te verbeter. • Leerders raak meer bewus van korrekte taalgebruik en leer om meer kreatief en interessanter te skryf. • Leerders leer geduld aan: dit neem tyd om te blog, te wag vir kommentaar, om kommentaar te lewer. • Frustrasie en angs oor skoolwerk kan verminder word indien dit gedeel word. • Dit kan die onderwyser help om nuut na sake te kyk: nuwe, relevante opdragte beplan en op 'n nuwe wyse assesseer. • Blogging kan skrywersblok verminder. • Blogging kan organisasie aanhelp en papierwerk verminder. • 'n Blog kan as stoorkabinet gebruik word vir opdragte, portefeuiljes, ens. • Samewerking in 'n skoalgemeenskap kan verbeter word. • Leerders verkry vinnige toegang tot eerstehandse bronne. • Die skakels wat 'n leerder volg of aan 'n blog skakel, is 'n bewys van sy/haar kennisontwikkeling binne tydsverband. • Tydens blogging kan in multimediaformaat gekommunikeer word: teks, foto's, klank en beweging. • Opinies kan gepubliseer word sonder gewone publikasievereistes. • Blogging kan plagiaat en kopieregoortredings verminder. • Blogging kan finansiële voordeel vir goeie skrywers inhoud. 	<ul style="list-style-type: none"> • Leerders kan dit moeilik vind om tussen kwaliteit en twak of die waarheid en leuen te onderskei. • Leerders se privaatheid kan deur ander misbruik word. • Die kommentaar wat ander lewer, word dikwels nie benut nie. • 'n Toepaslike spelprogram ontbreek gewoonlik in die medium. • Blogs is tydrowend en moet gereeld opgedateer word om die moeite wert te wees. • Leerders kan van die fasiliteit misbruik maak en slegs sosialiseer in plaas daarvan om werk af te handel. • Geforseerde blogging kan leerders wat nie goeie skrywers is nie, heeltemal afskrik. • Leerders mag die vryheid misbruik en beledigende kommentaar of aanstootlike materiaal publiseer. • Leerders mag die medium gebruik om ander te probeer opsweep.

2.3 Die gebruik van die aktiwiteitsteorie

2.3.1 Beskrywing van die aktiwiteitsteorie

Die aktiwiteitsteorie was die resultaat van die inisiatiewe van 'n rewolusionêre Russiese groep sielkundiges in die 1920's en 1930's, naamlik Vygotsky, Leont'ev en Luria. Hierdie model is bruikbaar vir die bymekaarbring van 'n reeks inligting oor die faktore wat 'n invloed op 'n aktiwiteit kan hê.

Soos deur Engeström in Webb (2006) beskryf, is die belangrikste idees die volgende:


- Om die gewenste **uitkomste** te behaal, is dit nodig om sekere **objekte**, soos kennis, ondervinding of produkte te produseer. Produkte kan tasbaar wees, of dinge soos reëlings of prosesse.
- Die menslike **aktiwiteit** word deur sekere **gereedskap** of **artifakte** aangehelp of moontlik gemaak wat in verwantskap met die aktiwiteite staan, soos dokumente, fasiliteite, geboue, ens.
- Die aktiwiteit word verder bevorder of teengestaan deur die **gemeenskap** waarbinne dit gedoen word.
- Verder mag die gemeenskap sekere **reëls** afdwing op die **subjekte** (die individue, groepe, organisasies wat die aktiwiteite uitvoer). Daar mag ook sekere reëls wees omtrent die produkte of ondervindinge wat aanvaarbaar of onaanvaarbaar is, toegang tot gereedskap wat toelaatbaar is vir gebruik of ontoeganklikheid tot onaanvaarbare gereedskap.
- Indien dit 'n gemeenskaplike aktiwiteit is, mag daar ook 'n **verdeling van arbeid** wees of hulp van gemeenskapslede.

Die basiese beginsels van die aktiwiteitsteorie volgens Bannon en Ryder (2006) is:

- Dit is objekgeoriënteerd.
- Dit ondersteun die dubbele konsep van interne of eksterne aksies.
- Daar is interaksie tussen subjek en "gereedskap", wat ook iets soos omgewing of taal kan wees en interaksie met 'n gemeenskap.
- Dit bevat 'n hiërargiese struktuur.
- Daar bestaan deurlopende groei in subjekte in hul gemeenskap en uitbreiding van hul gereedskap.

In figuur 2.2 word die basiese komponente van die aksieteorie voorgestel.

Figuur 2.2: Die basiese komponente van die aktiwiteitsteorie



(Oorgeneem uit Webb:2006)

2.3.2 Eie evaluering van en opsommende gedagtes oor die aktiwiteitsteorie


In hierdie studie kon met vrug gebruik gemaak word van die aktiwiteitsteorie, soos ontwikkel deur Vygotsky en ander om die verhouding tussen die komponente wat in hierdie projek teenwoordig was, aan te toon. Dit beklemtoon veral die noue samewerking wat daar in 'n skool bestaan tussen die:

- leerders (subjekte)
- aktiwiteite wat hulle onderneem
- leeruitkomste wat hulle moet bereik
- taal- en ander gereedskap, soos skoolhandboeke en rekenaars
- samewerking met en invloed van die res van die skoolgemeenskap
- reëls waaraan voldoen moet word.

Hierdie komponente teenwoordig in die bloggerprojek kan ook só opgesom word, en word voorgestel in figuur 2.3:

- 'n **Aktiwiteit** word onderneem deur 'n menslike **agent of subjek** (in hierdie geval graad tien-leerders) wat
- **gemotiveer** word tot die oplossing van 'n probleem of **doelwit** (voltooiing van 'n navorsingsprojek, wat tot goeie projekpunte en deelname aan die Afrikaans Ekspos kon lei) en
- gehelp word deur werktuie of artifakte (**taalgebruik**, die **blogger**)
- in samewerking met ander, die **gemeenskap** (onderwyser, ouer of ander leerders) wat veroorsaak dat die moeite verdeel of die taak deur raad vergemaklik word,
- onderhewig aan reëls waaraan voldoen moet word (**joernaalinskrywings** in 'n **blogger** binne **sperdatums** en **kommentaar** daarop).

Figuur 2.3: Voorstelling van die aktiwiteitsteorie soos van toepassing gemaak op hierdie projek



In figuur 2.3 word al die faktore wat tot suksesvolle afhandeling van 'n projek kan lei, skematis voorgestel. Die plek van en gebruik van die rekenaar in hierdie projek is veral belangrik.

2.4 Literatuurstudie oor frustrasie

2.4.1 Definisie van frustrasie

Hoewel daar verskillende definisies vir frustrasie in die literatuur gevind kan word, is volstaan met 'n definisie gevind in (Janis: 1969): Frustrasie is 'n kondisie wat veroorsaak word deur 'n hindernis wat in 'n organisme se natuurlike voortbeweeg na 'n doelwit geplaas word. Hierdie definisie vereis dat twee

sleutelaspekte teenwoordig moet wees: 'n motief en 'n hindernis wat verhinder dat die doelwit bereik word (Janis: 1969).

2.4.2 Teoretiese raamwerk vir frustrasie

In Lawson (1965) word die ontwikkeling van frustrasie as 'n wetenskaplike konsep bespreek. Daar word aan die volgende aandag gegee:

- Rosenweig (1934) se teorie, wat as 'n heuristiese teorie gesien kan word wat daarop gemik was om verdere navorsing uit te lok.
- Dollard en ander, bekend as die Yale groep (1939) het geredeneer dat frustrasie altyd tot aggressie sal lei en wanneer 'n organisme aggressief reageer, is aangeneem dat dit eers gefrustreer is.
- Barker en ander (1941), redeneer dat die belewing van frustrasie tot regressie sal lei, 'n terugkeer na 'n ontwikkelingstaat voordat die frustrasie ondervind is.
- Maier (1949) beweer dat gedrag in 'n frustrasiesituasie gefikseer word, naamlik organismes hou aan om op 'n manier te reageer waaraan hulle gewoond is, al lei dit glad nie tot oplossing van 'n probleem nie.
- Die volgende stap in die ontwikkeling van 'n frustrasieteorie was dat dit gekoppel is aan 'n breër eksperimentele basis, naamlik die algemene gedragsteorieë.
- Brown en Faber (1943) sien frustrasie as 'n hipotetiese konstruk en 'n konflik tussen twee moontlike reponse: die oorspronklike respons teenoor 'n situasie en 'n ander, wat deur die frustrerende kondisies gegenereer word.

- Child en Waterhouse (1952) herno die frustrasie-regressie konsep, bestempel dit as te eenvoudig en redeneer dat frustrasie verminderde konstruktiwiteit veroorsaak.
- Lawrence en Festinger (1957) redeneer dat organismes wat geforseer word om onder kondisies te werk wat nie optimaal is nie, ander bronne vir motivering vind en ontoereikende beloning kan hanteer.
- Amsel (1962) beskryf frustrasie soos in baie vorige teorieë, maar met 'n ander fokus, naamlik die reaksies wanneer geen beloning gegee word nie in 'n situasie waarin beloning vantevore verkry is.

Volgens Lawson (1965) het Maier in 1956 in samewerking met Ellen sy 1949-teorie herevalueer in die lig van kritiek en alternatiewe teorieë, en dit is as volg saamgevat:

- Die uniekheid van die gevolgtrekking is dat organismes frustrasie op grond van motiverings- of frustrasiekondisies kan hanteer.
- Gedrag onder frustrasiekondisies kan gekarakteriseer word deur: aggressie (vyandigheid), regressie (onvolwassenheid), vermyding (onverskilligheid), fiksasie (koppigheid) of 'n kombinasie van die vier.
- 'n Probleemsituasie of hindernis in die pad van doelbereiking kan 'n organisme dus óf motiveer om probleemoplossende gedrag te toon óf hom in so 'n mate frustreer dat vernietigende, onvolwasse, apatiese of rigiede gedrag getoon word.

Mullins (1993) bevestig ook dat daar twee moontlike oorkoepelende reaksies is wanneer 'n persoon se dryfkrag na 'n doelwit in die wiele gery word: konstruktiewe reaksie of frustrasie.

Volgens hierdie outeur kan die **konstruktiewe reaksie** tweeledig wees:

- probleemoplossend, dit wil sê die hindernis word oorkom of verwyder.
 - kompromie: 'n ander doelwit, hoewel minder werd, word in die plek van die eerste een aanvaar.


Volgens Mullins (1993) kan die **destruktiewe reaksie** vierledig wees:

- aggressie: 'n fisieke of verbale aanval op 'n persoon of objek wat as die oorsaak van die frustrasie gesien word.
 - regressie: terugkeer na 'n meer primitiewe vorm van gedrag.
 - terugtrek: opgee sonder om te probeer.
 - fiksasie: aanhou met gedrag wat geen oplossing bied nie.

2.4.3 Opsommende gedagtes oor frustrasieteorieë


Die definisie van frustrasie, soos wat dit op hierdie projek van toepassing gemaak kan word, word skematisies in figuur 2.4 voorgestel.

Figuur 2.4: Skematische voorstelling van frustrasiedefinisie



Die keuse van frustrasieteorie word skematis in figuur 2.5 voorgestel.

Figuur 2.5: Voorstelling van frustrasieteorieë en keuse van gebruik



Maier en Ellen se teorie 1956-teorie bevat die mees logiese verklaring van die **verskillende wyses** waarop frustrasie hanteer kan word. Volgens hierdie teorie is aangeneem dat leerders **negatief of positief** op die bloggeropdrag kan reageer. Dié wat **negatief** reageer, kan óf aggressie toon, óf die opdrag probeer vermy óf regresseer en kies om dit op die gewone geskreve wyse in te handig óf op aksies fikseer wat geen oplossing bied nie. Dit is ook moontlik dat die hindernis sekere leerders **positief** laat reageer en hul motivering verhoog, dat hulle doen wat hulle behoort te doen en selfs beter sal presteer as gewoonlik.

Die literatuurstudie beklemtoon die feit dat dit belangrik is dat leerders wel frustrasie en mislukking in hul onderrigpad moet ervaar, sodat hulle hanteringsmeganismes vir die toekoms kan ontwikkel (King: 1995).

2.5 Gevolgtrekkings na die literatuurstudie

Aan die einde van die literatuurstudie, is tot hierdie gevolgtrekkings gekom:

- Daar is heelwat moderne artikels en blogs oor blogging, blogs en die invloed daarvan op die onderwys.
- Daar bestaan baie ou boeke oor frustrasieteorieë en die ontwikkeling daarvan.
- Daar bestaan blogs wat spesifiek skryf oor die frustrasie wat die skrywer tydens die opstel en skryf van die blog ervaar het.
- Die boeke wat oor die frustrasieteorie geraadpleeg is, het tot 'n algemene frustrasieteorie geleid, maar ook die feit bevestig dat daar baie min moderne bronne is. Geen formele artikels is gevind wat die frustrasie van blogging in die onderwysopset bespreek nie en dit is as 'n gaping in die literatuur gesien wat ondersoek kon word.

Hoofstuk 3: Navorsingsontwerp

3.1 Inleiding

Die navorsingsverloop en -metodologie word in hierdie hoofstuk in sewentien fases bespreek. Daar word gekonsentreer op die keuse van die onderwerp en die aksies van beide leerders en die onderwyser daarna. Die benadering is **kwalitatief**, aangesien daar in 'n taalkonteks gewerk word, en die leerders se hantering van frustrasie word **geïnterpreteer**. Die metateorie is **konstruktivisme**, aangesien die taak individuele werk en tydsbestuur vereis en die deelnemers hoëskoolleerders is wat reeds die basiese beginsels van die Afrikaanse taal bemeester het.

3.2 Die navorsingsverloop


Die navorsingsverloop word skematies in figuur 3.1 uiteengesit.

3.2.1 Fase 1: Oriëntering en keuse van onderwerp

(a) Bepaling van belangstellingsveld

Die eise van 'n sillabus wat voltooi moet word, eksamens, toetse en 'n baie besige buitemuurse skoolprogram, het die navorser genoop om 'n studie te onderneem wat daarby kon inpas. Die vraag was dus: Wat kan uit die rekenaarveld in die Afrikaanse klas van toepassing gemaak word wat so min as moontlik ontwrigting in die normale verloop van sake sou veroorsaak?

Figuur 3.1: Die navorsingsverloop



(b) Bepaling van die fokus in die veld

Die graad tien-sillabus vereis dat leerders 'n **navorsingsprojek** moet aanpak.

Joernalinskrywings was een moontlike kategorie waarin leerders in die Afrikaans Ekspo, waaraan skole jaarliks deelneem, kon inskryf. Leerders moes hulself in die skoene van 'n bekende Suid-Afrikaner plaas en **navorsing** oor die persoon doen. Aangesien blogging aanlynjoernalinskrywings behels, is besluit dat die leerders hul Ekspopprojek in 'n blogger sou aanbied.

(c) Bepaling van moontlike emosies van leerders teenoor die opdrag

Leerders is nie gewoond daaraan om die rekenaar in 'n Afrikaans klas te gebruik nie. Dit was dus van die begin af duidelik dat leerders hierdie nuwe tipe opdrag op 'n positiewe of negatiewe manier kon hanteer, afhangende van hoe gemaklik hulle met die gebruik van die rekenaar voel. Moontlike negatiewe gevoelens kon wees: aggressiwiteit, angs, stres, omgekraptheid, verveeldheid of frustrasie. Leerders kon ook beïndruk wees of gemaklik met die opdrag voel. Daar is besluit om op leerders se hantering van **frustrasie** te konsentreer, aangesien dit as 'n oorkoepelende emosie beskou kan word. Leerders sou veral frustrasie ervaar aangesien hulle met 'n nuwe manier van doen gekonfronteer is en ook omdat ander klasse toegelaat is om die joernalinskrywings op die normale papiermanier te doen.

(d) Aannames oor faktore wat frustrasie kan veroorsaak

Gebaseer op die literatuurstudie en vorige kennis wat in die onderwysveld opgedoen is, is daar aangeneem dat die opdrag, onderwyser, leerder self, ouers, ander leerders of die gebruik van die tegnologie tot die leerders se frustrasievlake sou bydra.

3.2.2 Fase 2: Die literatuurstudie neem 'n aanvang

(a) Voorlopige bestudering van terme met betrekking tot frustrasie

Die aanvanklike literatuurstudie het tot baie frustrasie geleid, aangesien verskeie frustrasieteorieë, soos dié van Rosenweig (1938), Dollard e. a. (1939), Barker e. a. (1941), Brown & Faber (1943), Maier (1949), Child & Waterhouse (1952), Lawrence & Festinger (1957) en Amsel (1962) bestudeer is sonder om iets te vind wat werklik op hierdie studie van toepassing gemaak kon word. Frustrasie is wel gedefinieer as 'n kondisie wat veroorsaak word deur 'n hindernis wat in die pad van die natuurlike voortbeweeg van 'n doelwit geplaas word (Janis: 1969).

(b) Keuse van 'n teoretiese raamwerk

Maier & Ellen se 1956-frustrasieteorie is aanvaar, aangesien dit die mees logiese verklaring van die verskillende moontlike hanteringswyses van frustrasie gebied het. Dit bepaal dat frustrasie op 'n positiewe of negatiewe manier hanteer kan word. Positiewe reaksie word deur **motivering** om die hindernis te oorkom, gekenmerk, terwyl negatiewe reaksies aggressie, regressie, fiksasie of vermyding teenoor die probleem kan veroorsaak.

3.2.3 Fase 3: Identifisering en definiëring van die navorsingsprobleem

(a) Omskrywing van die navorsingsvraag

Na die literatuurstudie is bepaal dat auteurs oor die faktore wat frustrasie in blogging veroorsaak, skryf, maar nie oor die **maniere** waarop frustrasie hanteer word nie. Dit lei tot die vraag: Hoe sal leerders frustrasie hanteer indien

joernalinskrywings in 'n Afrikaans klas elektronies in 'n blogger gedoen moet word?

(b) Definiëring van die navorsingsdoel

Die doel van hierdie navorsing was om die moontlike maniere te bepaal waarop graad tien-leerders frustrasie hanteer het wat deur die gebruik van 'n blogger in die Afrikaans klas veroorsaak is.

(c) Bepaling van die rasional vir die navorsing

Frustrasie is 'n emosie wat dikwels ervaar word wanneer leerders met die sillabusvereistes, verskillende projekte, huiswerk- of portefeuilje-opdragte, tydsbeperkings, toetse en eksamens gekonfronteer word. Verskillende faktore kon frustrasie tydens die bloggeropdrag veroorsaak het en die frustrasie kan op verskillende maniere hanteer word. Die rede vir hierdie navorsing was om 'n raamwerk vir die moontlike maniere waarop frustrasie tydens soortgelyke aanlynprojekte hanteer kan word, ter wille van praktykverbetering op te stel.

3.2.4 Fase 4: Steekproeftrekking

'n Geriefsteekproef is geneem, weer eens om by skooleise aan te pas. Van die 79 graad tien-leerders in Cornwall Hill College wat Afrikaans op Tweedetaalvlak neem, het die navorsing twee klasse onderrig. Twee ander onderwysers het elk een graad tien-klas gehad wat die opdrag soos gewoonlik in geskrewe formaat afgehandel het. Die graad tien-leerders is as steekproef gekies, aangesien hulle as deel van hul Afrikaans sillabus navorsing moes doen en die Afrikaanse Eksposisie ook navorsing vir 'n joernalinskrywing vereis het. Die samestelling van die twee klasse word in tabel 3.1 uiteengesit.

Tabel 3.1: Samestelling van die klasse wat vir die steekproef gebruik is

	Seuns	Meisies	Totaal
Klas 1	7	9	16
Klas 2	10	14	24
			40

3.2.5 Fase 5: Verfyning en verdieping van kennis

(a) Frustrasieteorie met 'n kenner bespreek

'n Kenner in opvoedkundige sielkunde het die reeds beplande teoretiese raamwerk van frustrasie goedgekeur. Verdere, meer moderne, literatuur is aanbeveel.

(b) Literatuurstudie voortgesit

Meer resente boeke en artikels oor frustrasie is geraadpleeg. Resente artikels oor die bloggingfenomeen en die huidige gebruik daarvan in die onderwys, is geraadpleeg, veral met die oog op gebruikerstatistiek.

3.2.6 Fase 6: Die skryf en wysiging van die navorsingsvoorstel

(a) Voorlopige skryf van die navorsingsvoorstel

Die skryf van 'n navorsingsvoorstel is aangepak. Die inleiding en agtergrond van die studie, navorsingsvraag, -doel en -rasionaal is beskryf. Die aannames in verband met faktore wat frustrasie kan veroorsaak, die teoretiese raamwerk ten opsigte van frustrasie en die metodologie is ook daarin uiteengesit.

(b) Bespreking van die navorsingsvoorstel

Die navorsingsvoorstel is verskeie kere met die promotor bespreek. Die mede-promotor het ook aanbevelings gemaak wat tot die redigering en wysiging van die voorstel geleid het.

(c) Wysiging van die navorsingsvoorstel

Na die bespreking is 'n paar veranderinge aangebring om die navorsingsvoorstel meer vaartbelyn te maak. Die titel is verander, die volgorde van sekere paragrawe is verander om meer logiese sin te maak en die teoretiese raamwerk, aannames en metodologie is in tabelvorm aangebied.

3.2.7 Fase 7: Departementele verdediging van die navorsingsvoorstel

(a) Verdediging van die navorsingsvoorstel voor die navorsingskomitee

Die navorsingsvoorstel is verdedig deur die volgende vrae, gestel deur die voorsitter van die komitee, te beantwoord:

- Wat word met die studie beoog?
- Hoekom gaan dit gedoen word?
- Hoe gaan die navorsingsvraag beantwoord en die doel bereik word?

Na beantwoording van die vrae en die bespreking van die navorsingsvoorstel, het die navorsingskomitee sekere aanbevelings ten opsigte van die literatuurstudie gemaak. Die navorsingsvoorstel is goedgekeur met dien verstande dat die veranderings aangebring sal word.

(b) Wysiging van die navorsingsvoorstel

Nadat die navorsingsvoorstel suksesvol verdedig is, is dit gewysig deur die aanbevelings van die navorsingskomitee in te werk. Die omvangrykste verandering was die bywerk van Vygotski se aktiwiteitsteorie, met die doel om die plek van die rekenaar in onderrig en leer aan te dui.

3.2.8 Fase 8: Voorbereiding vir die etiese klaringskomitee

(a) Verkryging van toestemming by die skoolraad en skoolhoof

Cornwall Hill College is 'n privaatskool wat onder die Independent Examination Board (IEB) val. Hierdie ligmaam is slegs 'n eksamenouoriteit en kan nie met 'n Onderwysdepartement vergelyk word nie. Toestemming vir die navorsing is dus skriftelik van die skoolhoof en die ouervereniging verkry (Addendum A en B).

(b) Toestemmingsbriewe aan ouers of voogde

Die leerders in die steekproef was minderjarig (15- of 16-jariges).

Toestemmingsbriewe is dus nie aan die leerders nie, maar aan die ouers of voogde gerig. In die briewe is die rol van die leerders verduidelik en ook waarvoor die navorsing gebruik sal word. 'n Meester van die briewe wat aan die ouers uitgestuur is, is aangeheg (Addendum C).

(c) Voltooiling van die dokumentasie ten opsigte van etiese klaring

Al die relevante dokumentasie benodig vir etiese klaring is voltooi. Dit is deur die navorsing, promotor en departementshoof geteken.

(d) Opsomming van die navorsingsvoorstel

Die navorsingsvoorstel is as deel van die etiese klaring opgesom. Daar is verduidelik wie gaan deelneem, hoe die leerders gekies is, wat van hulle verwag

gaan word en van watter metodologie gebruik gemaak gaan word. Die navorsers se kwalifikasies is bespreek en die risiko's of voordele aan die navorsing verbonde, is ook bespreek. 'n Versekering van vertroue en anonimiteit tydens die navorsing is ook gegee.

3.2.9 Fase 9: Verkryging van toestemming vir die navorsing

(a) Toestemming van ouers

Toestemmingsbrieve is aan die ouers van die deelnemers uitgestuur, dit is onderteken en terugontvang. Geen besware is teen die beoogde navorsing aangeteken nie.

(b) Verkryging van etiese klaring

Die dokumentasie wat na die etiese klaringskomitee uitgestuur is, is goedgekeur. 'n Klaringsertifikaat, geldig vir twee jaar, is uitgereik. Die klaringsertifikaat is voor in die studie ingebind.

(c) Goedkeuring van die titel van die verhandeling

Die titel van die verhandeling is deur die navorsingskomitee van die Fakulteit Opvoedkunde goedgekeur. Die brief, waarin die administrasie van die Fakulteit Opvoedkunde die goedkeuring bevestig het, verskyn in Addendum D. 'n Eksterne eksaminator is ook deur die navorsingskomitee aangewys.

3.2.10 Fase 10: Die intervensie

(a) Die intervensie word van stapel gestuur

Die opdrag, wat skriftelik aan die leerders gegee is, verskyn in tabel 3.2.

Tabel 3.2 Opdrag aan graad tien-leerders

CORNWALL HILL COLLEGE
GRAAD TIEN: EKspo- EN NAVORSINGSVERPLIGTINGE

As gevolg van die verpligte navorsingstaak vir hierdie termyn, het julle ongelukkig nie 'n keuse nie, maar moet 'n **joernaalinskrywing** maak. Julle moet 'n belangrike Suid-Afrikaanse persoonlikheid (lewendig of reeds oorlede) kies en soveel as moontlik navorsing oor die persoon doen. Raadpleeg die internet, outobiografieë, tydskrifartikels, ens. Deur middel van die navorsing gaan julle die persoonlikheid beter leer ken en jy moet jouself in daardie persoon se skoene plaas en belangrike gebeure of emosies oor gebeurtenisse in die **eerste persoon** weergee.

Lengte: 180-300 woorde, die aantal inskrywings hang van jou af. Bewys van jou navorsing moet gelewer word deur 'n bibliografie en jy kan ook artikels aan jou bydrae vaskram.

Twee groepe gaan die take op verskillende maniere aanpak. Sleutel 2 en 4 vorm groep 1 en sleutel 1 en 6 vorm groep 2. Groep 2 word ook by jul onderwyser se MEd-verhandeling betrek.

Take vir verskillende groepe:

GROEP 1	GROEP 2
<ul style="list-style-type: none"> • Julle moet die navorsing op julle eie tyd aanpak en die dagboekinskrywing in julle kreatiewe boeke skryf. Die finale produk mag nie later as 7 Maart ingehandig word nie. Julle het dus presies een maand om alles af te handel. Onthou om net aan die een kant van die bladsy te skryf. • As julle wil hê iemand moet jul inskrywings lees en kommentaar lewer, kies self iemand huis of by die skool en doen dit op jul eie tyd. • Julle boeke word ingehandig, deur die onderwysers volgens 'n rubriek gemerk en bepunt. 	<ul style="list-style-type: none"> • Julle moet 'n toestemmingsbrief deur jul ouers laat invul wat toestemming verleen dat julle vir jul onderwyser se navorsing gebruik mag word. • Julle gaan jul inskrywings op die rekenaar in 'n blogger maak. Jy moet op die rekenaar ingaan op www.blogger.com • Jy moet 'n gebruikernaam en kodenaam (username en pass word) kies en jy moet dit onthou. Daar is geen koste aan verbonde nie. • Die rekenaar gee self die datum waarop jy jou inskrywing doen, daarvoor. Jy mag egter 'n ander datum saam met 'n titel binne-in jou inskrywing gebruik. • Kies ten minste een, maar verkieslik twee van jou familie / vriende / ander leerders wat goed in Afrikaans presteer en vra hulle om op jou inskrywing kommentaar te lewer. Jy moet vir hulle jou kodes gee om jou inskrywings te kan lees. • Jy moet by verskillende sperdatums hou: Eerste inskrywing: 12 Februarie Kommentaar: 15 Februarie Tweede inskrywing: 19 Februarie Kommentaar: 22 Februarie

Tabel 3.2 Opdrag aan graad tien-leerders (vervolg)

GROEP 1	GROEP 2
<ul style="list-style-type: none"> Indien jou poging meer as 75% behaal, skryf ons dit vir die Ekspo in en jy moet dit tik (kyk na riglyne op vorige ekspovorm) en van ‘n voorblad voorsien. 	<p>Derde inskrywing: 26 Februarie Kommentaar: 1 Maart Vierde inskrywing: 5 Maart Kommentaar: 8 Maart Vyfde inskrywing (afhangende van aantal woorde): 12 Maart Kommentaar: 15 Maart</p> <ul style="list-style-type: none"> Jou onderwyser moet jou kodes kry en sal dit merk volgens die rubriek voorsien. Indien jou poging meer as 75% behaal, skryf ons dit vir die Ekspo in en jy moet dit uit die blogger kopieer en van ‘n voorblad voorsien. Jy gaan ‘n narratiewe opstel oor jou ervarings in die klas skryf (in Engels of Afrikaans).

(b) Leerders doen hul joernaalinskrywings en verkry kommentaar

Leerders moes die persoonlikheid kies waaroer hulle wou navorsing doen en by die genoemde opdragte en sperdatums hou. Hulle moes hul joernaalinskrywings skryf en vir kommentaar daarop vra. Daarna moes hulle hul werk gereed kry vir beoordeling.

3.2.11 Fase 11: Leerders skryf narratiewe opstelle

(a) Die opdrag aan die leerders

Die volgende opdrag is aan die leerders gegee nadat hulle hul joernaalinskrywings in die blogger afgehandel het:

Skryf ‘n opstel waarin jy verduidelik hoe jy gevoel het toe jou Afrikaans onderwyseres jou versoek het om jou joernaalinskrywings in ‘n blogger te doen. Watter probleme het jy ervaar en hoe het jy dit hanteer?

(b) Die skryf van die opstelle

Die leerders moes die opstelle in die klas skryf. Dit kon in Afrikaans of Engels geskied en kon naamloos ingehandig word. Hul joernaalkrywings was reeds bepunt en die punte is aan hulle bekendgemaak. Dit is aan hulle duidelik gemaak dat hul opinies nie hul punte sou beïnvloed nie.

3.2.12 Fase 12: Transkribering van narratiewe opstelle

Leerders se narratiewe opstelle, wat in handgeskrewe formaat was, is verbatim oorgetik. Dit is in 'n ryk teksformaat gestoor, gereed vir gebruik in Atlas.ti.

3.2.13 Fase 13: Opleiding in Atlas.ti

Opleiding is ontvang in die skep van 'n nuwe hermeneutiese eenheid, die intrek van die gestoorde narratiewe opstelle, en die toekenning van kodes aan wat die leerders te sê gehad het en die byvoeg van memo's indien nodig. Verdere opleiding is ontvang in die skep van families en superkodes en die uitdruk van verslae, in gewone drukformaat met die kommentaar van leerders in kodes georganiseer of die uitdruk van informasie na sigblaaie of grafieke in Excel.

3.2.14 Fase 14: Kodering van narratiewe opstelle

(a) Identifisering en toekenning van kodes na aanleiding van teoretiese raamwerk

Leerders se narratiewe opstelle is van deelnemer 1-40 genommer, en daarna is hul kommentaar gekodeer soos in tabel 3.3 aangedui.

Tabel 3.3: Kodes toegeken volgens Maier se teoretiese raamwerk

Positiewe reaksie as gevolg van:	# Geniet taak # Goeie punte # Maklik # Rekenaargebruik # Sien voordele
Aggressie as gevolg van:	% Ouerreaksie % Kommentaar % Moeite % Navorsing % Onderwyser onregverdig % Taak % Sperdatums % Puntetoekenning % Tegnologie % Gebrek aan tydsbeplanning
Regressie	\$ Terugkeer na gewone skryftaak
Vermyding	@Pogings om opdrag uit te stel

Daar is geen bewyse van **fiksasie** in die leerders se opstelle gevind nie, dus is daar nie 'n kode aan hierdie moontlike hanteringswyse toegeken nie.

(b) Families vir superkodes is geskep

Response wat bymekaar pas is as 'n familie bymekaar gevoeg en Atlas.ti het superkodes daarvoor gegenereer. Elke moontlike hanteringswyse soos in tabel 3.3 uiteengesit, is as 'n familie geïdentifiseer. Daarna is 'n geheelbeeld van moontlike hanteringswyses geskep. 'n Beeld van gemengde response is ook geskep. Al die superkodes wat deur Atlas.ti gegenereer is, word in tabel 3.4 aangedui.

Tabel 3.4: Superkodes deur Atlas.ti gegenereer

#	Positiewe reaksie
%	Aggressiewe reaksie
\$	Regressie na gewone skryftaak
@	Vermyding van taak
Geheelbeeld	# % \$ @
#%	Positiewe reaksie en aggressie
#\$	Positiewe reaksie en regressie
#@	Positiewe reaksie en vermyding
%\$	Aggressie en regressie
%@	Aggressie en vermyding
\$@	Regressie en vermyding

3.2.15 Fase 15: Generering van verslae

Verslae is in Atlas.ti geskep op grond van die superkodes in tabel 3.4. Die verslae is uitgedruk vir bestudering met die oog op die skryf van die data-analisehoofstuk.

3.2.16 Fase 16: Aflaai van verslae

Verslae is in sigblad- of grafiekformaat in Excel afgelaai. Hierdie verslae en grafieke word volledig in hoofstuk vier bespreek en geïnterpreteer.

3.2.17 Fase 17: Verslagskrywing

Die verslagskrywing is in die volgende hoofstukke verdeel:

1. Inleiding en agtergrond
2. Literatuurstudie en teoretiese raamwerk
3. Navorsingsontwerp
4. Dataversameling, -analise en -verklaring
5. Opsomming, gevolgtrekkings en aanbevelings

3.3 Opsommende gedagtes

In hierdie hoofstuk is die metodologie in die vorm van fases in die navorsingsverloop uiteengesit om die logiese gedagte- en prosesverloop van die navorsing te illustreer. Aangesien kwalitatiewe navorsing soms as 'n onprofessionele en lukrake proses gesien word, poog hierdie hoofstuk om 'n goeie, deurdenkte en gemotiveerde navorsingsproses te illustreer.

Hoofstuk 4: Dataversameling, -analise en -verklaring

4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die dataversameling en -analisefasie van die graad tien-bloggerprojek bespreek. Die aannames waarmee die onderwyser die projek begin het, word uiteengesit. Faktore wat, volgens leerders se narratiewe opstelle, frustrasie veroorsaak het, word deur middel van hul aanhalings gestaaf. Daar word teruggekeer na Maier se 1956-teorie wat aandui dat frustrasie op vyf moontlike maniere hanteer kan word, naamlik positief, deur middel van aggressie, regressie vermyding of fiksasie.

4.2 Faktore wat frustrasie in die projek veroorsaak

4.2.1 Aannames by aanvang van die projek

Vanuit die aktiwiteitsteorie, literatuur en ervaring in onderwyssituasies, is aangeneem dat verskillende faktore frustrasie in die projek kan veroorsaak. Hierdie faktore word in tabel 4.1 opgesom.

Tabel 4.1: Faktore wat frustrasie in 'n bloggerprojek by graad tiens kan veroorsaak

(a) Menslike Faktore	(b) Tegnologie
i) Onderwyser <ul style="list-style-type: none">• Opdrag• Verwagtinge ii) Leerder <ul style="list-style-type: none">• Prioriteite• Verwagtinge• Tydfaktore• Gebrek aan kennis• Foute• Vergeetagtigheid	<ul style="list-style-type: none">• Algemene internet of modemprobleme• Tydrowend• Spesifieke bloggerprobleme• Aanheg van navorsing of prentjies• Gebruik van Afrikaanse taal in tegnologie <p>(Verwys na Tabel 4.2 hieronder na aanleiding van literatuur)</p>

Tabel 4.1: Faktore wat frustrasie in 'n bloggerprojek by graad tiens kan veroorsaak (vervolg)

(a) Menslike Faktore <ul style="list-style-type: none"> iii) Ouer/familie <ul style="list-style-type: none"> • Verwagtinge • Bydrae iv) Ander leerders <ul style="list-style-type: none"> • Houding • Hantering • Prestasie • Bydrae 	
---	--

Na aanleiding van internetbronne oor blogging en frustrasie, is bevind dat **tegnologiese faktore**, soos uiteengesit in tabel 4.2, die projek kan vertraag of frustrasie by die leerder kan veroorsaak.

Tabel 4.2: Tegnologiese faktore wat frustrasie tydens joernaalinskrywings in 'n blogger kan veroorsaak

Bron	Bevindinge
Video Citation and blogging frustration (Udell: 2003)	<ul style="list-style-type: none"> • Gebrek aan ondervinding om prentjies, tabelle, videogedeeltes, ensovoorts in 'n blogteks te inkorporeer.
The frustration of blogging (Benimble: 2005)	<ul style="list-style-type: none"> • Inskrywings kan nie gevind word nie of verskyn weer skielik sonder enige logiese verklarings. • Dis moeilik om inskrywings of gedeeltes daarvan aan mekaar te bind. • Geen antwoord op korrespondensie nie.
Mitch Kapor's Weblog (Kapor: 2003)	<ul style="list-style-type: none"> • Blogger is outomaties ingestel. Dit is moeilik om verstellinge aan te bring om 'n gemaklike leeservaring te verseker.
Blogging problems (Jubb: 2005)	<ul style="list-style-type: none"> • Foutiewe boodskappe wanneer jy probeer publiseer. • Jy kan nie redigeer nie.

Tabel 4.2: Tegnologiese faktore wat frustrasie tydens joernalinskrywings in 'n blogger kan veroorsaak (vervolg)

Journals and Blogs and Much Frustration (Blocher: 2004)	<ul style="list-style-type: none"> • Kan nie die inskrywing publiseer nie en daar volg geen boodskap om die probleem te verklaar nie. • Ou uitgawes verskyn steeds ure nadat dit opgradeer is. • Grootte van lettertipe moet voortdurend verander word.
Goldman's Observations (Goldman: 2005)	<p>Blogs is tydrowend. Die volgende aspekte is belangrik:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die opstel van die infrastruktuur van die blog. • Instandhouding van die infrastruktuur. • Beantwoording of opvolg van kommentaar op die blog. • Werwing van lesers.

4.2.2 Bevindinge ten opsigte van faktore wat frustrasie kan veroorsaak

(a) Menslike faktore

In tabel 4.3 word 'n paar aanhalings uit leerders se opstelle verskaf wat aansluit by die aanname dat menslike faktore frustrasie kan veroorsaak.

Tabel 4.3: Menslike faktore wat frustrasie veroorsaak het ¹

(i) Onderwyser	D ² : I ignored the deadlines
<ul style="list-style-type: none"> • Opdrag • Verwagtinge 	D6: Ek het gedink dis onregverdig dat ons dit anders as die ander klasse moet doen. D24: Once our class was told that we were going to do the diary entries different from the other classes, I felt that it was unfair. D28: But I thought it was unnessery that we had to do it on The Computer as a blogger and the other classes could Just write it. D36: I didn't keep to those deadlines.

¹ Alle aanhalings is verbatim geplaas

² D = Deelnemer

Tabel 4.3: Menslike faktore wat frustrasie veroorsaak het (vervolg)

<p>(ii) Leerder</p> <ul style="list-style-type: none"> • Vergeetagtigheid • Nalatigheid • Foute 	<p>D6: Ek is 'n bietjie verstrooid en het my "password" vergeet en moes meer as een keer dinge oordoen. Baie van ons het ons info vekeert neergeskryf en dan moes die onderwyseres sukkel om by ons werk uit te kom en meer as een keer vir die regte inligting vra.</p> <p>D10: The only problem I had was when I accidentally gave my Afrikaans teacher the wrong URL.</p> <p>D17: Toe ek my pa wou vra om daarna te kyk, kon ek nie my password onthou nie.</p> <p>D20: Toe ek wel iets geskryf het, het ek my password vergeet. My onderwyser kon nie op my inskrywing inkom nie en ek het my URL vergeet.</p> <p>D27: It wasn't really a good idea because sometimes I forgot to update my blogger . . .</p>
<p>(ii) Leerder</p> <ul style="list-style-type: none"> • Tydfaktore 	<p>D5: Ek het gedink dit was 'n mors van tyd en dit was baie stupid.</p> <p>D6: Dit was tydrowend in die klas.</p> <p>D7: I had a lot of other work and sports after school so it was difficult to do it after school with the limited time I had.</p> <p>D8: Die deel van die opdrag waar ander mense my werk moes deur gaan en kommentaar lewer was bietjie onprakties aangesien dit heelwat ekstra moeite en tyd gevat het.</p> <p>D15: I found no problems with the bloger except that I was things that took up a lot of time. It was really not fun to do because it took up so much time. I had a lot of trouble to get the actual articles because they were so difficult to find. It was also very difficult to ask people to comment on the blogger because it is so time consuming, and takes a lot of effort to ask people-some don't have an internet connection. It was very problematic for me because I was busy with other things</p> <p>D24: We couldn't present the project as well as we could have and I was so long on the internet trying to make it work, it took up a lot of money while connected to the internet. I did try to meet deadlines but the internet gave a lot of problems. It took up a lot of time along with other homework we had.</p> <p>D25: But it also took up a lot of my time because it took too long to do.</p> <p>D29: The problems that I had were so irritating and time wasting.</p> <p>D34: Ek het niks tyd gekry nie om iemand te kry om dit te merk nie.</p> <p>D38: Over all I believe that the blogger Project was a waste of time.</p> <p>D40: and, honestly, my lack of time management!</p>

Tabel 4.3: Menslike faktore wat frustrasie veroorsaak het (vervolg)

<p>(ii) Leerder</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verwagtinge 	<p>D2: I was slightly disappointed because I new it would take more effort, But I didn't take very long.</p> <p>D8: Ek was eers bietjie onseker oor wat presies van my verwag word. Die "blogger" idee was vreemd en onbekend. Na die juffrou dit verduidelik het, het ek dit as 'n kans om iets nuut te leer en iets nuuts uit te brobeer gesien. Ek het geweet dat dit aanvanklik vir my extra moeite sal wees, maar het ook geweet dat later baie voordele sal hê.</p> <p>D12: When I heard that we were doing the Project on the Blogger I was a bit upset because I wanted to put my diary entries in a paper diary and be able to decorate it. Although it was easier being on the internet and writing the entry at the same time.</p> <p>D21: When I got the blogger project I was very upset about the fact that we had to blogger it on the internet. After a while I started to calm down and got a bit exited. Then I got angry all over again because of the problems that accure while doing my blogger.</p> <p>D25: I felt that once the project got given to us, I thought it would be a good idea and may be easier than decorating paper and making things pritty to hand in. With the computer it was easier because things were easier to decorate. But with going onto the internet it costs money . . .</p> <p>D27: I felt that doing it on the internet was a bit challenging because you could loose your work easily.</p> <p>D31: When I received the blogger project I was both exited and confused as I had never done a blogger before and had no idea how to do it. Presenting work on the internet, which could be viewed by all people was an exciting adventure I was taking upon.</p> <p>D32: When I found out that we had to the project on a blogger I was very despondant because I thought that it would be difficult because computers, especially the internet can sometimes be so unreliable and when you have a deadline to meet it creates lots of pressure.</p> <p>D36: Initually when we were told that we, as Ms. Mihai's class, were going to do our dialogues on the computer as a blogger, we were worried about the ammount of extra work it required.</p>
---	---

Tabel 4.3: Menslike faktore wat frustrasie veroorsaak het (vervolg)

<p>(ii) Leerder</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gebrek aan kennis / vaardigheid³ 	<p>D2: I had a problem getting the internet going otherwise it was fine.</p> <p>D4: I found when I did this project on the blogger it would have some problems saving the project, adding pictures and spell checker does not work well in Afrikaans. This was probably due to the fact that I didn't really know fully how to use the blogger webpage.</p> <p>D6: Ek kon dit nie mooimaak nie want het nie geweet hoe om prentjies en goed in te sit nie.</p> <p>D8: Ek was op 'n stadium baie verstreerd oordat ek nie geweet het hoe als op die blogger werk nie . . .</p> <p>D31: . . . tried once or twice to log on but couldn't.</p> <p>D30: . . . everytime I created a space with a username and password and I go back the next day my password or username wouldn't be working and then I would need to restart everything. So that upset me quite a bit. The technology and options weren't so wide of a share, you could only write in one style.</p> <p>D36: The website wasn't easy to understand all the time.</p>
<p>(iii) Ouer / familie</p> <ul style="list-style-type: none"> • Koste • Beperkte Fasilitete 	<p>D3: I knew my mother wouldn't like it if i sit on the internet. It costs too much and she doesn't always know if i am busy with work.</p> <p>D18: . . . not to mention, we could not afford to spend hours, lett alone minutes writing afrikaans diary entries.</p> <p>D24: . . . it took up a lot of money while connected to the internet.</p> <p>D13: I do not like the computer too much because my brother is always on it and we fight if i want to use it. He is older and my parents always takes his side.</p>
<p>(iii) Ouer / familie</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kommentaar 	<p>D6: Mense (familie, vriende) is nie lus om met 'n password te werk en kommentaar op jou werk op die internet te lewer nie.</p> <p>D10: I found it was difficult finding people willing to comment on my blog.</p> <p>D14: Nog 'n probleem was dat my ouers of vriende daarop kommentaar moes lewer. Ek dink dit was meer my skuld gewees, omdat ek dit tot die laaste minute gelos het was dit 'n gesukkel om te reel dat my pa dit die volgende oggend moes doen, ens.</p> <p>D22: I had a few problems with getting people to comment on my blogger because it was too much of a hassle, too much of an effort to go on the internet, etc.</p> <p>D27: . . . and it is also unfair in a way, that people had to comment. You never guaranteed that people will comment.</p>

³ Vergelyk verdere kommentaar onder "tegnologiese probleme"

Tabel 4.3: Menslike faktore wat frustrasie veroorsaak het (vervolg)

(iv) Ander leerders <ul style="list-style-type: none"> • Kommentaar 	D6: Mense (familie, vriende) is nie lus om met 'n password te werk en kommentaar op jou werk op die internet te lewer nie. D14: Nog 'n probleem was dat my ouers of vriende daarop kommentaar moes lewer.
--	--

Gevolgtrekkings ten opsigte van menslike faktore as bydraende faktore tot frustrasie in hierdie projek, word in die onderstaande paragrawe uiteengesit.

(i) Hoe die onderwyser frustrasie in die projek veroorsaak het

Uit tabel 4.3 blyk dit dat leerders frustrasie ondervind het as gevolg van die opdrag van die onderwyser se kant. Hulle het dit veral **onregverdig** gevind dat verskillende klasse die opdrag op verskillende maniere kon hanteer.

Leerders wou ook nie aan die onderwyser se **verwagtinge** met betrekking tot **sperdatums** voldoen nie, ook aangesien hierdie sperdatums slegs op die twee klasse wat die opdrag in die blogger moes voltooi, van toepassing was.

(ii) Hoe leerders tot hul eie frustrasievlake bygedra het

Volgens tabel 4.3 was die leerders self die grootste bydraende faktor tot hul eie frustrasievlake in hierdie projek. Leerders het eerstens frustrasie ondervind as gevolg van **nalatige foute** wat hulle gemaak het (URL verkeerd neergeskryf of verkeerd aan die onderwyser gegee) en **vergeetagtigheid**: sleutelwoorde of webadresse is vergeet, ander het "vegeet" dat daar sperdatums was waaraan voldoen moes word.

Leerders het groot probleme met **tydbestuur en -beplanning** ondervind.

Sommiges het van **verkeerde soekstrategieë** gebruik gemaak, ander het

te veel ander akiwiteite gehad wat as prioriteit gesien is. Sommiges het gevind dat dit baie tydrowend was om vriende of familie te identifiseer en sover te kry om kommentaar op hul werk te lewer. 'n Paar leerders het dit doodeenvoudig as tydmors gesien dat die projek in die blogger gedoen moes word, aangesien hulle gewoond geraak het aan 'n eenvoudige geskreve formaat.

Leerders se verwagtinge het 'n groot rol by frustrasievlake gespeel. Die projek het hulle vies, teleurgesteld, onseker, bekommert, wanhopig of opgewonde laat voel. Dit was 'n uitdaging wat oorkom moes word, hoewel geeneen op vorige ondervinding in die verband kon staatmaak nie.

Die meeste leerders se frustrasies is vererger as gevolg van 'n gebrek aan kennis of tegnologiese vaardigheid. Dit strek van 'n gebrek aan kennis van die gebruik van die internet, tot gebrek aan kennis van die fasiliteite en gebruik daarvan op die blogger self. Dit was ook duidelik dat wat die meeste leerders onder "tegnologiese probleme" lys, eintlik 'n gebrek aan kennis of vaardigheid was wat dan aan 'n gebrek in die tegnologie toegeskryf is.

(iii) Die invloed van ouers of ander familie as bydraende fakore tot frustrasie

Uit tabel 4.3 is dit duidelik dat ouers wat oor die koste van internetgebruik gekla het, 'n frustrasiefaktor was toe die projek op die internet afgehandel moes word. Sommige leerders het ook frustrasie ondervind omdat 'n rekenaar of internetgebruik met ander familielede gedeel moes word.

Verskeie leerders meld dat hulle frustrasie ondervind het omdat familielede kommentaar moes lewer. Dit het gewissel van 'n probleem om geskikte lede te vind om kommentaar te lewer tot 'n tydbeplanningsfaktor: baie leerders het

hulle ouers te laat gevra om kommentaar te lewer en dit het tot wrywing en frustrasie gelei.

(iv) Die bydrae van ander leerders tot individue se frustasievlake

Uit tabel 4.3 blyk dit dat leerders nie werklik deur ander leerders in die projek beïnvloed is nie, behalwe dat sommiges dit ook moeilik gevind het om hul vriende sover te kry om **kommentaar** te lewer. Verder het party wakker geskrik toe hulle besef het dat ander al heelwat meer as hulself gedoen het en dat hul vriende dit toe nie so moeilik gevind het nie.

(b) Tegnologie

In tabel 4.4 word 'n paar aanhalings uit leerders se opstelle verskaf wat aansluit by die aanname dat tegnologie frustrasie kan veroorsaak.

Tabel 4.4: Tegnologiese faktore wat frustrasie veroorsaak het

(i) Algemene internet-probleme	D1: Took very long to open blogger.com. Maybe if it were blogger.co.za it would work alot faster. D7: I felt that the blogger was a bit of a drag to do seen as I did not have internet at home D14: . . . mense se internets wad stukkend en ander mense se rekenaars het nie gewerk nie. D18: The fact that I had to use the internet did not suit me well because we (my family and I) were experiencing “technical difficulties” with our computer. D33: Not all of us have internet at home which makes it even harder. D40: . . . but the fact of having to put it on the internet made it difficult to do seeing as though I don’t have access to it.
--------------------------------	---

Tabel 4.4: Tegnologiese faktore wat frustrasie veroorsaak het (vervolg)

<p>(ii) Spesifieke blogger-probleme</p>	<p>D1: Password didn't always work D4: . . . the blogger it would have some problems saving the project D7 : I eventually did access the internet but was unable to access the Blogger. D15: Sometimes it was difficult to log on and actually write your blogger. D21: <u>What happened - Problems</u> <ul style="list-style-type: none"> • I couldn't log on • The computer forgot my password • My blogger was deleted- had to start three times. D24: Problems <ul style="list-style-type: none"> • Gateway timeout • Layout • Blogger username cant log in. D25: <ul style="list-style-type: none"> • Gateway time out. • Log in to blogger. • I had problems downloading pictures on. • The layout wasn't the best- font sizes and overall layout. D29: The first problem that I had was accesing My Username it did not want to let me get in it took me a few days to get in. D36: <ul style="list-style-type: none"> • Posting it so that other people could view it, fix it and comment on it, was also a problem. • The headings and word formats were not sufficient to make a good presentation. • My computer also gave me problems when I tried to acess the website. </p>
<p>(iii) Aanheg van navorsing of prentjies</p>	<p>D6: Ek kon dit nie mooimaak nie want het nie geweet hoe om prentjies en goed in te sit nie. D8: Verder het ek ook gesukkel om prentjies op die blogger op te laai. D28: . . . further i had no problems with the page. Except adding a image. D36: When I tried to load pictures I encountered some technical difficulties. D39: . . . also the downloading of pictures was very slow.</p>

Tabel 4.4: Tegnologiese faktore wat frustrasie veroorsaak het (vervolg)

(iv) Gebruik van Afrikaanse taal	<p>D4: . . . spell checker does not work well in Afrikaans</p> <p>D6: 'n Mens kan nie 'n Afrikaanse spellcheck gebruik nie.</p> <p>D18: Also, on Microsoft word, you can addall the "deeltekens" where as on "Blogger" you couldn't insert them.</p> <p>D19: It does not have Afrikaans vocabulary.</p> <p>D28: I did not like the idea of typing on the internet as ther was no spelling checker thus i typed my project on microsoft word and copied it into the web page.</p> <p>D31: The only error I found is that there is no spell check for Afrikaans on the blogger.</p> <p>D38: One of my last problems witte the Blogger is that it hard no Afrikaans word cheak.</p> <p>D39: What mainly get to me about the project was that in the Afrikaans language one uses alot such as deeltekens en commas which you weren't able to do on he blogger.</p>
----------------------------------	--

Die tegnologiese faktore wat frustrasie veroorsaak het, word in die volgende paragraaf opgesom.


Uit tabel 4.4 is dit duidelik dat al die moontlike tegnologiese probleme soos in Tabel 4.1 en 4.2 uiteengesit, voorgekom het. Dit blyk nog steeds die grootste enkele struikelblok, ten spyte van die feit dat die leerders in die steekproef rekenaars gereeld gebruik. Die gedagte bestaan onder leerders dat rekenaars pret moet wees en vir speletjies en nie werk gebruik behoort te word nie. Dit is egter ook duidelik uit die aanhalings dat die "tegnologiese probleme" veel eerder aan 'n gebrek aan kennis of vaardigheid toegeskryf behoort te word. Die enigste werklike **tegnologiese probleme** duï op 'n **gebrek aan bandwydte** en die internet of blogger wat soms **ontoeganklik** was. Slegs een leerder het die probleem van Afrikaanse spelling effektief oorkom deur sy joernaal in Microsoft Word te tik en in die blogger te plak. Dit is duidelik dat leerders geen kennis het oor die gebruik van die Alt-sleutels om "vreemde" simbole te genereer nie.

4.3 Voorkeurwyse van frustrasiehantering

4.3.1 Wyses van frustrasiehantering


In die leerders se opstelle word Maier se teoretiese raamwerk bevestig. In figuur 4.1 word die persentasie van die verskillende hanteringswyses uiteengesit. Die persentasie is bekom deur na die leerders se sterkste respons te kyk.

Figuur 4.1: Persentasie van hanteringswyses



Uit figuur 4.1 is dit duidelik dat die meeste leerders die opdrag op 'n positiewe manier hanteer het (40%). Een-en-dertig persent het aggressiewe response getoon, 18% het na 'n gewone skryftaak geregresser, terwyl 11% die probleem sover moontlik probeer vermy het. Aangesien geen leerders fiksasie as 'n hanteringsmeganisme gebruik het nie, word dit verder as moontlike hanteringsmegenisme geïgnoreer.

Figuur 4.2: Gemengde respons tydens frustrasiehantering




4.3.2 Gemengde respons ten opsigte van frustrasiehantering

Verskeie leerders het gemengde kommentaar of meer as een positiewe of aggressiewe respons gelewer. Dit word in figuur 4.2 geïllustreer.

Uit hierdie figuur blyk dit dat daar min leerders is wat slegs 'n enkele gevoel ervaar of eensoortige respons gegee het. Veertien leerders reageer slegs positief, vier net aggressief, net een regresseer na 'n gewone skryftaak sonder om enigets anders te probeer. Geen leerder het die projek heeltemal vermy en glad nie 'n poging aangewend om punte te verdien nie. Alhoewel drie leerders oorweldigende aggressiewe response getoon het, was die meeste response oor die algemeen positief. Slegs drie leerders se kommentaar kan nie as positief of negatief geklassifiseer word nie.

Vervolgens toon figuur 4.3 dat veertien leerders frustrasie op twee van die vier moontlike maniere probeer hanteer het.


Figuur 4.3: Gekombineerde hanteringswyses volgens Maier se teorie van frustrasiehantering



Uit figuur 4.3 blyk dit dat leerders wat positief was, tog ook aggressiwiteit as gevolg van sekere faktore wat in die pad van die bereiking van hul doel gestaan het, ervaar het. Sommige van die leerders wat oorwegend positief of aggressief gereageer het, het ook regressie of vermydingsresponse getoon. Drie van die leerders wat op meer as een manier reageer het, het die probleem slegs probeer vermy en toe na 'n gewone skryftaak geregresseer.

Figuur 4.4 toon hoe die verskillende faktore wat frustrasie veroorsaak het, 'n impak op die moontlike hanteringswyses gehad het.

Figuur 4.4: Die verband tussen die faktore wat frustrasie veroorsaak het en moontlike hanteringswyses van frustrasie



Volgens figuur 4.4 het al die menslike en tegnologiese faktore aggressie by leerders veroorsaak. Dit is duidelik dat die opdrag van die onderwyser se kant en die nuwigheid van die tegnologie in die Afrikaanse klas deur verskeie leerders op 'n positiewe of aggressiewe wyse hanteer is. Ander leerders het byna geen

invloed uitgeoefen nie en die ouers of ander familie se invloed het meestal aggressiewe response tot gevolg gehad.

4.4 Samevatting

Die meeste van aannames met betrekking tot faktore wat frustrasie kan veroorsaak, is in die leerders se narratiewe opstelle bevestig. Die leerders het veral hul eie frustrasievlake verhoog as gevolg van 'n gebrek aan kennis, maar het dit gewoonlik aan die tegnologie toegeskryf. Die ander belangrikste faktore wat tot frustrasie bygedra het, was die leerders se vergeetagtigheid, natalige foute en gebrek aan tydsbeplanning. Die feit dat daar verskillende verwagtinge van verskillende klasse gekoester is, het ook grootliks tot frustrasie bygedra. Die verwagting dat ouers of vriende kommentaar moes lewer het ook frustrasie veroorsaak, ten spyte daarvan dat dit daarop gemik was om die leerders te help om 'n beter eindresultaat te bereik.

Maier en Ellen se 1956-teorie in verband met die moontlike hanteringswyses van frustrasie, is bevestig. Die meeste leerdersresponse was positief. Dit moet gesien word in die lig dat leerders nie 'n keuse het wanneer hulle skoolprojekte vir punte moet afhandel nie. Heelwat leerders het aggressiewe response getoon, veral as gevolg van hul eie foute, gebrek aan kennis en die onregverdigheid van die onderwyser. Slegs enkele leerders het die opdrag so lank moontlik probeer vermy en sommige van dié groep, maar ook ander, het uiteindelik tot 'n gewone skryftaak geregresseer. Fiksasie is nie as hanteringsmeganisme gebruik nie, aangesien leerders wat projekte vir punte moet afhandel, nie kan aanhou met gedrag wat geen oplossing bied nie.

Hoofstuk 5: Opsomming, gevolgtrekkings en aanbevelings

5.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk bevat 'n opsomming van die navorsingsvraag, -doel, -rasionaal en -verloop. Daarna volg die gevolgtrekkings waartoe die navorsing gekom het en die aanbevelings wat gemaak kan word. Die aanbevelings behoort benut te word indien soortgelyke studies in die toekoms aangepak word.

5.2 Opsomming

5.2.1 Die navorsingsvraag, -doel en -rasionaal

Die navorsingsvraag, -doel en -rasionaal van hierdie studie word in tabel 5.1 uiteengesit.

Tabel 5.1: Die navorsingsvraag, -doel en -rasionaal van die studie

Die navorsingsvraag	Hoe sal leerders frustrasie hanteer indien joernaalinskrywings in 'n Afrikaans klas elektronies in 'n blogger gedoen moet word?
Die navorsingsdoel	Die doel van hierdie navorsing was om die moontlike maniere te bepaal waarop graad tien-leerders frustrasie hanteer het wat deur die gebruik van 'n blogger in die Afrikaans klas veroorsaak is.
Die navorsingsrasionaal	Die rede vir hierdie navorsing was om 'n raamwerk vir die moontlike maniere waarop frustrasie tydens soortgelyke aanlynprojekte hanteer kan word, ter wille van praktykverbetering op te stel.

5.2.2 Navorsingsverloop

Die navorsingsverloop is in sewentien fases verdeel, soos uiteengesit:

1. Die belangstellingsveld en fokus in die veld is bepaal.
2. Voorlopige literatuur oor frustrasie is bestudeer, sekere aannames gemaak en 'n teoretiese raamwerk gekies.
3. Die navorsingsvraag, -doel en -rasional van die navorsing is bepaal.
4. Daar is op 'n geriefsteekproef van 40 graad tien-leerders besluit.
5. Die frustrasieteorie is verfyn en literatuurstudie oor blogging het 'n aanvang geneem.
6. Die navorsingsvoorstel is geskryf en na bespreking met promotoors gewysig.
7. Die navorsingsvoorstel is voor die navorsingskomitee verdedig, dit is goedgekeur en volgens aanbevelings gewysig.
8. Voorbereiding vir die etiese klaringskomitee is gedoen deur toe-stemming van die relevante instansie, skoolhoof en ouers te vra, die dokumentasie vir die etiese komitee in te vul en 'n opsomming van die navorsing voor te berei.
9. Toestemming vir die navorsing is verkry deurdat die toestemmings-briewe wat uitgestuur is, terugontvang is, die dokumentasie is deur die etiese komitee goedgekeur en 'n klaringsertifikaat uitgereik. Die titel van die verhandeling is goedgekeur en 'n eksterne eksaminator aangewys.
10. Die intervensie is van stapel gestuur, leerders het hul joernaal-inskrywings gedoen en kommentaar verkry.
11. Leerders het hul narratiewe opstelle geskryf en moes kommentaar oor hul gevoelens en probleme lewer.

12. Leerders se narratiewe opstelle is verbatim getranskribeer.
13. Opleiding in Atlas.ti is ontvang.
14. Narratiewe opstelle is gekodeer, families en superkodes geskep.
15. Verslae is in Atlas.ti gegenereer.
16. Verslae is in sigblad- of grafiekformaat in Excel afgelaai.
17. Die verslagskrywing van die studie is aangepak.

5.3 Gevolgtrekkings

Aan die einde van hierdie studie kon verskeie gevolgtrekkings gemaak word oor verskillende aspekte van die studie.

5.3.1 Algemene gevolgtrekking na die literatuurstudie

Geen formele artikels is gevind wat die frustrasie van blogging in die onderwysopset bespreek nie. Dit is as 'n gaping in die literatuur gesien wat ondersoek kon word.

5.3.2 Gevolgtrekkings oor die waarde van blogging in die onderwys

- Die bloggingfenomeen het nog nie in Suid-Afrika sy hoogtepunt bereik nie.
- Blogs is vinnig om op te stel en die sagteware is gewoonlik verniet.
- Hoewel blogs se sosiale funksie onder blogskrywers voorkeur kry, kan dit nie as 'n vorm van onderwystegnologie geïgnoreer word nie.
- Aangesien skole daarin faal om aan die behoeftes van hul leerders te voldoen, kan blogs daartoe bydra om die gebruik van tegnologie meer

relevant in 'n klasopset in te skakel en aan meer leerders se behoeftes voldoen.

- Blogs skep nuwe leermoontlikhede, omdat dit net so maklik is om deur middel van hierdie medium wêreldwyd tot kennis by te dra as om dit te benut.
- Leerders verkry vinnige toegang tot eerstehandse bronne.
- Die skakels wat 'n leerder volg of aan 'n blog skakel, is 'n bewys van sy/haar kennisontwikkeling binne tydsverband.
- Tydens blogging kan in multimediaformaat gekommunikeer word: teks, foto's, klank en beweging.
- Blogs help met organisasie, uitskakeling van papierboerdery en combineer verbale en rekenaargeletterdheid. 'n Blog kan as stoorkabinet gebruik word vir opdragte, portefeuiljes, ens.
- Blogs bevorder individuele werk in 'n gemeenskaplike leeromgewing.
- Leerders se standpunte kan verbeter, uitgebrei en ontwikkel word, aangesien die onderhou en lees van blogs leerders se kritiese en analitiese denke bevorder en hulle leer reflekteer, evaluateer, beoordeel, kommentaar lewer, ontvang en verwerk.
- Hierdie medium kan dit makliker maak om leerders sover te kry om kreatiewe skryfwerk te geniet en leerders leer om met die leser in gedagte te skryf. Dit kan ook skrywersblok verminder.
- Leerders raak meer bewus van korrekte taalgebruik en leer om meer kreatief en interessanter te skryf en die kommentaarfasiliteit te gebruik.
- Leerders leer geduld aan: dit neem tyd om te blog, te wag vir kommentaar, om kommentaar te lewer.

- Frustrasie en angs oor skoolwerk kan verminder word indien dit gedeel word.
- Dit kan die onderwyser help om nuut na sake te kyk: nuwe, relevante opdragte beplan en op 'n nuwe wyse assesseer.
- Opinies kan gepubliseer word sonder gewone publikasievereistes.
- Blogging kan plagiaat en kopiereg-oortredings verminder.
- Blogging kan finansiële voordeel vir goeie skrywers inhoud.

5.3.3 Gevolgtrekkings oor die gebruik van die aktiwiteitsteorie

In hierdie studie is met vrug gebruik gemaak van die aktiwiteitsteorie, om die verhouding tussen die komponente wat in hierdie projek teenwoordig was, aan te toon. Dit het die noue samewerking in skoolverband beklemtoon tussen die:

- leerders (subjekte)
- aktiwiteite wat hulle onderneem
- leeruitkomste wat hulle moet bereik
- taal- en ander gereedskap, soos skoolhandboeke en rekenaars
- samewerking met en invloed van die res van die skoolgemeenskap
- reëls waaraan voldoen moet word.

In hierdie studie is die aktiwiteitsteorie veral gebruik om die plek van die rekenaar in onderrig en leer aan te toon.

5.3.4 Gevolgtrekkings oor die gebruik van die frustrasieteorie

Maier en Ellen se 1956-herevaluering van frustrasieteorieë is in hierdie studie gebruik, en het veral die volgende belangrike aspekte bymekaargebring:

- Organismes kan frustrasie op grond van motiverings- of frustrasiekondisies hanteer.
- Gedrag onder frustrasiekondisies kan gekarakteriseer word deur: aggressie (vyandigheid), regressie (onvolwassenheid), vermyding (onverskilligheid), fiksasie (koppigheid) of 'n kombinasie van die vier.
- 'n Probleemsituasie of hindernis in die pad van doelbereiking kan 'n organisme dus óf motiveer om probleemoplossende gedrag te toon óf hom in so 'n mate frustreer dat vernietigende, onvolwasse, apatiese of rigiede gedrag getoon word.

5.3.5 Gevolgtrekkings oor die relevansie van die studie

Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat hierdie tipe projek met gemak in ander situasies uitgevoer kan word. Die aanbevelings, soos in punt 5.4 bespreek, behoort in ag geneem te word indien sodanige projekte in die toekoms in 'n taalklas aangepak word.

5.4 Aanbevelings

Die aanbevelings na die afloop van hierdie studie kan as volg saamgevat word:

- Hierdie tipe projek behoort met senior leerders (graad 10-12) of universiteitstudente aangepak te word en nie met junior leerders nie. Die belangrikste redes hiervoor is dat leerders 'n aanlynidentiteit aan ander te kenne gee wat dit mag misbruik. Leerders moet ook volwasse genoeg wees om tydens hierdie tipe projekte op die opdrag te kan fokus en nie

slegs sosialisering nie. Hulle behoort reeds tussen twak, gegronde opinies en feite te kan onderskei.

- Onderwysers moet die opdragte self uitwerk en inhoud waaraan leerders blootgestel word, filter.
- Onderwysers moet werklik opdragte beplan wat die moeite werd is en nie net wil bewys dat tegnologie in die lesplan geïntegreer word nie.
- Onderwysers behoort hierdie tipe opdrag te beplan met die idee om verskillende assessoringsmetodes te gebruik.
- Dit is beter om hierdie projek met 'n hele graadgroep aan te pak en nie onderskeid tussen groepe te tref nie.
- Aangesien baie leerders steeds nie toegang tot die internet het nie of dit moeilik vind om tegnologie baas te raak, behoort 'n onderwyser hierdie tipe projek slegs aan te pak indien alle leerders gemaklike toegang tot die tegnologie het, ten minste by die skool, anders dra dit by tot onregverdigheid.
- 'n Belangrike verantwoordelikheid van die onderwyser bly dié van mentor: leerders moet onderrig word om die kommentaarfasiliteit te gebruik om werklik verbeteringe aan skryfwerk aan te bring op grond van kommentaar gelewer deur die onderwyser of enige ander lid van die gemeenskap.
- Terwyl die onderwyser die mentor bly, moet leerders verantwoordelikheid geleer word: om byvoorbeeld hul eie sleutelwoorde en webadresse te onthou en dit aan ander bekend te kan maak, sonder om die hele projek van voor af te begin.
- Die onderwyser behoort seker te maak dat leerders toegang tot 'n spelprogram het en weet hoe om hulle werk te redigeer.

- Leerders kan deur hierdie metode geleer word hoe om van ander skrywers se werk gebruik te maak, maar ook hoe om daaraan erkenning te gee.
- Die tydinset wat aan blogging gespandeer word, behoort tevredenheid as balans te vind: tyd opgegee, maar baie geleer tydens die projek.
- Die gebruik van die blogger in 'n taalklas behoort nie slegs 'n eenmalige oefening te wees nie. Dit behoort die voorkeurwyse van onderrig en leer te word, as gevolg van die opvoedkundige waarde wat dié tipe kommunikasie-oefening kan bied. Dit dra by tot die slyp van leerders se idees en laat onderwysers dinge in 'n nuwe lig sien in 'n tegnologies aangedreve samelewing.

Bibliografie

- Benimble, J. (2005). "The frustration of blogging." Retrieved 13 May, 2006, from <http://www.jackbenimble.blogspot.com/2005/05/frustration-of-blogging.html>
- Blocher, K. F. (2004). "Journals and Blogs and Much Frustration." Retrieved 13 May, 2006, from <http://journals.aol.com/mavarin/MusingsfromMavarin/entries/1055>
- Caslon, A. (2006). "Blog statistics an demographics." Retrieved 11 March, 2007, from <http://www.caslon.com.au/weblogprofile1.htm>
- Coggins, S. A. M. (2006). "Weblogs in Education: An Interview with Will Richardson." Retrieved 2 February, 2006, from <http://weblogs.about.com/od/usesandrolesofblogs/a/weblogged.htm>
- Dickey, M. D. (2004). "The impact of web-logs (blogs) on student perceptions of isolation and alienation in a web-based distance-learning environment." *Open Learning* 19(3)
- Eide, F. (2005). "Eide Neurolearning Blog: Designing Schools for the Present Age." Retrieved 11 February, 2006, from <http://eideneurolearningblog.blogspot.com/2005/03>
- Gilbert, A. (2005). "Blogging 101-Web logs go to school." Retrieved 18 February, 2006, from <http://news.com.com/Blogging+101--Web+logs+go+to+school/2100-1032-5895779>
- Glogowski, K. (2005). "Blog of proximal development." Retrieved 13 May, 2006, from <http://www.teachandlearn.ca/blog/>
- Goldman, E. (2005). "Goldman's Observations." Retrieved 21 May, 2006, from http://blog.ericgoldman.org/personal/archives/2005/10/should_i_blog_p.html
- Huffaker, D. (2004). "The Educated Blogger: Using weblogs to promote literacy in the classroom." *First Monday* 9(6). Retrieved 5 September, 2006, from http://www.firstmonday.org/issues/issue9_6/huffaker/index.html

- Janis, I. L. (1969). Stress and Frustration. New York, Harcourt Brace Jovanovich, Inc
- Jubb, R. (2005). "Blogging Problems." Retrieved 13 May, 2006, from <http://considerphlebas.blogspot.com/2005/03/blogging-problems.html>
- Kajder, S. and G. Bull (2004). "A Space for "Writing without Writing": Blogs in the Language Arts Classroom." Learning & Leading with Technology 31(6): 32-35
- Kapor, M. (2003). "I can't read your blog." Retrieved 13 May, 2006, from <http://blogs.osafoundation.org/mitch/000356.html>
- King, J. A. (1995). "Fear or Frustration? Students' attitudes toward computers and school." Journal of Research on Computing in Education 27(2): 154-171
- Lankshear, C. and M. Knobel (2003). Do-It-Yourself Broadcasting: Writing Weblogs in a Knowledge Society. American Educational Research Association. Chicago
- Lawson, R. (1965). Frustration: The Development of a Scientific Concept. New York, The Macmillan Company
- Lenhart, A., Fox, S. (2006). "Bloggers: A portrait of the internet's new storytellers." PEW / INTERNET & AMERICAN LIFE PROJECT Retrieved 1 September, 2006, from <http://www.pewinternet.org>
- Mullins, L. J. (1993). Management and organisational behaviour. London, Pitman.
- Oravec, J. A. (2002). "Bookmarking the world: Weblog applications in education." Journal of Adolescent & Adult Literacy 45(7): 616-621
- Pretorius, L. (2007). Gewildheid van blogs bereik dalk piek in '07. Beeld. Pretoria. 11 January: 14
- Rainie, L. (2005). "When everyone connects to everyone and everything connects to everything." PEW / INTERNET & AMERICAN LIFE PROJECT Retrieved 1 September, 2006, from <http://www.pewinternet.org>
- Richardson, W. (2006(a)). Blogs, wikis, podcasts and other powerful web tools for classrooms. California, Corwin Press

- Richardson, W. (2006(b)). "The Read/Write Web in the Classroom." Retrieved 2 February, 2006, from <http://www.weblogg-ed.com>
- Richardson, W. (2006(c)). "Tech Tools for Learning." Access Learning January 2006. Retrieved 5 September, 2006, from <http://www.ciconline.org/accesslearning>
- Ryder, M. (2006). "What is Activity Theory?" Retrieved 14 June, 2006, from http://carbon.cudenver.edu/~mryder/itc_data/act_dff.html
- Solove, D. J. (2005). "Concurring Opinions: Why blogging is good." Retrieved 13 May, 2006, from http://www.concurringopinions.com/archives/2005/10/why_blogging_is.html
- Somer, J. S. (2006). "Why Journal Writing on the Web?" Retrieved 13 May, 2006, from http://www.blogwidow.com/articles/journal_writing.html
- Udell, J. (2003). "Video citation and blogging frustration." Retrieved 13 May, 2006, from <http://weblog.infoworld.com/udell/2003/10/08.html>
- Van Rensburg, R. (2006). Sê jou sê, al is dit b(l)og. Huisgenoot: 16, 17
- Venter, M. (2006). "Maarten se Blok." Herwin 12 Maart, 2007, van <http://silwernet.org/blog/index.php?paged=2>
- Walker, J. (2003). "jill/txt: talk at brown." Retrieved 13 May, 2006, from http://huminf.uib.no/~jill/archives/blog_theorising/talk_at_brown.html
- Webb, I. (2006). "Activity theory." Retrieved 14 June, 2006, from http://www.educ.utas.edu.au/users/ilwebb/research/activity_theory.htm
- Wikipedia. (2006). "Webjoernaal." Herwin 12 Maart, 2007, van <http://af.wikipedia.org/wiki/Webjoernaal>